LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*Van gebroke na*

# HERSTEL

*Die Boek Nehemia*



*VAN GEBROKE NA HERSTEL: DIE BOEK NEHEMIA*

Kopiereg © 2023 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Van Gebroke na Herstel: Die Boek Nehemia* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

## INHOUD

*003* WELKOM
*004* INLIGTING OOR LGG
*005* ONS MISSIE
*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE
*009* GETUIENIS
*010* WÊRELDWYE BEDIENING
*011* KEN HIERDIE WAARHEDE
*014* INLEIDING
*015* LEESPLAN
*018* DOELWITTE
*019* WEEK 1
*044* WEEK 2
*068* WEEK 3
*092* WEEK 4
*117* WEEK 5
*142* WEEK 6
*165* SLUIT BY ONS AAN
*166* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR GEBID; DIT IS GEEN TOEVAL DAT JY AAN HIERDIE STUDIE DEELNEEM NIE.

# WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos ‘n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir “Love God Greatly” om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons ʻn begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE ʻN VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons ʻn Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om ʻn beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*


SOAP
WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP** / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

## A
## STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*



APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

## P
## STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Mongoolse Tak*

Ek het nie regtig 'n begrip van God gehad tot op ongeveer twaalfjarige ouderdom nie. Ek het by my ouma gewoon en my ouers net oor naweke gesien vanweë my pa se alkoholisme en mishandeling van my ma. Ek het van kleins af geleer om na myself om te sien. Ek het ervaar dat almal my anders behandel het in my ouers se afwesigheid, en ek het eensaam en onbelangrik gevoel.

Eendag het een van my klasmaats my genooi om saam met haar kerk toe te gaan. Almal daar was gelukkig, opreg en vriendelik met my. Ek was mal daaroor om kerk toe te gaan. Ek het eerste by al die kerk-byeenkomste opgedaag omdat ek nie kon wag om daar saam met daardie gelukkige en vreugdevolle mense te wees nie. Ek wou hê wat hulle gehad het.

*EK WOU HÊ WAT HULLE GEHAD HET..*

Daardie selfde jaar het ek vir die somervakansie teruggekeer na my ouerhuis. Die huis was gevul met vrees oor my pa se kondisie. Dinge het uiteindelik so erg geraak dat ek tot God gebid en Hom gevra het om my pa te verander en my gesin te red. Later daardie somer het God my gebed verhoor! My ouers het tot bekering gekom en hul lewens is verander.

Ek kon amper nie glo dat God gehoor gegee het aan my uitroep en my gesin verander het nie. Sedertdien het ek gesien hoe sy ongelooflike liefde vir ons uitgestort word, oor en oor. 'n Paar jaar later het my pa 'n predikant geword en saam met God gewandel vir die res van sy lewe. God het my pa se siekte gebruik om my nader aan Hom te trek, en Hy het sy geloof gebruik om myne te versterk en my te bemoedig om my lewe aan sy diens te wy.

Ons God is 'n geneser. Sy werk is onbeskryflik. Sy wonderlike liefde gaan ons verstand te bowe. Sy plan vir ons is perfek en sal in sy perfekte tydsberekening tot vervulling kom.

*Beku*

*LGG Mongoolse Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Mongoolse Tak*

KEN JY IEMAND WAT BY ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES SOU KON BAAT VIND?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Bid dat Mongoolse owerhede tot bekering kom en die land regverdig lei.

Bid vir die mense van Mongolië om deur God bemagtig te word om goddelike leiers te wees.

Bid dat ons spanlede, bediening en Bybelstudies ‘n seën vir baie in Mongolië sal wees.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

*WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

*NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

*SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## VAN GEBROKE NA HERSTEL

*Die Boek Nehemia*

# *Inleiding*

Die Boek Nehemia toon die ongelooflike getrouheid van God aan sy verbondsvolk. God het sy lojale dienaar Nehemia gebruik om sy volk terug te lei na Jerusalem en om die muur van die stad te herbou. Nehemia het nie net die boupogings gelei nie, maar hy het ook die volk aangemoedig om hard te werk en God weer na behore te aanbid. Nehemia was die getroue leier wat die volk nodig gehad het om hulle te herinner aan die getrouheid van hulle God gedurende 'n tydperk van oorgang en herbou.

Die boeke Esra en Nehemia is een werk in die Hebreeuse Bybel; saam bied hulle 'n volledige verslag van die terugkeer van die Babiloniese ballinge na Jerusalem. Die gekombineerde vertelling bied die verhaal van die ballinge se terugkeer oor twee tydperke, elk gekenmerk deur twee prominente leiers. Esra (die eerste tydperk) teken die herbou van die tempel onder Serubbabel en Josua, die priester, aan. Nehemia (die tweede tydperk) gee besonderhede oor die herstel van die aanbidding van God en die herbou van Jerusalem se mure onder Esra en Nehemia.

Die gebeure in Esra en Nehemia vind plaas tussen 600 en 400 v.C., van die tydperk van die ballingskap van die volk na Babilon tot die terugreis van Nehemia en sy werk om die muur van Jerusalem te herbou. Esra word tradisioneel beskou as die skrywer van beide boeke, sowel as 1 en 2 Kronieke, en geleerdes neem aan dat hy waarskynlik die boeke saamgestel het deur verskeie dokumente en bronne te gebruik.

*HY HET SY VOLK HERHAALDELIK,*
*KONSEKWENT EN VOORTDUREND HERSTEL.*

Die Boek Nehemia maak dit duidelik dat God sy volk nie net een keer herstel het nie. Inteendeel, Hy het sy volk herhaaldelik, konsekwent en voortdurend herstel. Nehemia was die leier wat God gebruik het om die volk aan te moedig en aan te spoor om God weer behoorlik te aanbid. Nehemia se getroue leierskap weerspieël die getroue leierskap van God. God het nie net sy volk teruggelei na die land wat Hy aan hulle belowe het nie, maar Hy het by hulle gebly om sy wil te volbring, selfs in hulle tye van ontrou. Terwyl ons daarna streef om God heelhartig lief te hê, kan ons rus in die vertroue dat Hy altyd ons beste belange op sy hart dra en dat Hy die Getroue Leier is wat ons altyd kan vertrou.

Merk dit af

# LEESPLAN

**WEEK 1**

- ○ *Maandag*
  Lees: Nehemia 1:1–11; Psalm 37:3–5
  SOAP: Psalm 37:3–5
- ○ *Dinsdag*
  Lees: 2 Kronieke 36:15–21; Esra 1:1–4; 7:1–10; 2 Petrus 3:8–13
  SOAP: 2 Petrus 3:9
- ○ *Woensdag*
  Lees: Nehemia 2:1–8; Kolossense 3:23–24
  SOAP: Kolossense 3:23–24
- ○ *Donderdag*
  Lees: Nehemia 2:9–20
  SOAP: Nehemia 2:18
- ○ *Vrydag*
  Lees: Nehemia 3:1–32; Jesaja 61:4
  SOAP: Jesaja 61:4

**WEEK 2**

- ○ *Maandag*
  Lees: Nehemia 4:1–5; Genesis 13:1–18; 19:36–38; Numeri 22:3–6; Deuteronomium 2:19; 23:3–4; Psalm 54:5-7
  SOAP: Psalm 54:5-7
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Nehemia 4:6–14
  SOAP: Nehemia 4:14
- ○ *Woensdag*
  Lees: Nehemia 4:15–23; 1 Petrus 5:8–11
  SOAP: 1 Petrus 5:8–11
- ○ *Donderdag*
  Lees: Nehemia 5:1–5; Deuteronomium 23:19–20; Spreuke 3:27; 19:17
  SOAP: Spreuke 19:17
- ○ *Vrydag*
  Lees: Nehemia 5:6–13; Jesaja 1:17
  SOAP: Jesaja 1:17

**WEEK 3**

- ○ *Maandag*
  Lees: Nehemia 5:14–19; Lukas 16:10–13
  SOAP: Lukas 16:10
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Nehemia 6:1–9
  SOAP: Nehemia 6:3
- ○ *Woensdag*
  Lees: Nehemia 6:10–14; Psalm 119:9–16
  SOAP: Psalm 119:10–11
- ○ *Donderdag*
  Lees: Nehemia 6:15–19; Job 42:2; Psalm 37:22–24
  SOAP: Job 42:2
- ○ *Vrydag*
  Lees: Nehemia 7:1–73; Handelinge 2:42–47
  SOAP: Handelinge 2:46–47

**WEEK 4**

- ○ *Maandag*
  Lees: Nehemia 8:1–12; Romeine 8:1–2; Hebreërs 4:12
  SOAP: Romeine 8:1–2
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Nehemia 8:13–18; Levitikus 23:33–43; Deuteronomium 8:1–11
  SOAP: Deuteronomium 8:11
- ○ *Woensdag*
  Lees: Nehemia 9:1–4; Levitikus 26:39–45; 1 Johannes 1:9
  SOAP: 1 Johannes 1:9
- ○ *Donderdag*
  Lees: Nehemia 9:5–37
  SOAP: Nehemia 9:16–17
- ○ *Vrydag*
  Lees: Nehemia 9:38—10:27; Jeremia 31:31–33; Lukas 22:14–20
  SOAP: Lukas 22:19–20

**WEEK 5**

- ○ *Maandag*
  Lees: Nehemia 10:28–39; Matteus 6:21
  SOAP: Matteus 6:21
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Nehemia 11:1—12:26; Galasiërs 6:6–10
  SOAP: Galasiërs 6:9
- ○ *Woensdag*
  Lees: Nehemia 12:27–43
  SOAP: Nehemia 12:43
- ○ *Donderdag*
  Lees: Nehemia 12:44–47; Levitikus 7:28–36; 1 Timoteus 5:17–18
  SOAP: 1 Timoteus 5:17–18
- ○ *Vrydag*
  Lees: Nehemia 13:1–3; Numeri 22:1–14; Ruth 1:16–17;
  2 Timoteus 3:16–17
  SOAP: 2 Timoteus 3:16–17

**WEEK 6**

- ○ *Maandag*
  Lees: Nehemia 13:4–14; Matteus 21:12–16
  SOAP: Matteus 21:13
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Nehemia 13:15–22; Markus 2:23–28
  SOAP: Markus 2:27
- ○ *Woensdag*
  Lees: Nehemia 13:23–29; Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Efesiërs 6:11–12
- ○ *Donderdag*
  Lees: Nehemia 13:30–31
  SOAP: Nehemia 13:31b
- ○ *Vrydag*
  Lees: Nehemia 1:5–11
  SOAP: Nehemia 1:11

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

*TWEE*

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

*DRIE*

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

*Wat julle ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.*

*Kolossense 3:23-24*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Nehemiah het baie uitdagings in die gesig gestaar toe hy voorberei het vir die werk wat God hom geroep het om te doen. Waartoe het God jou geroep om in hierdie seisoen te doen? Hoe is jy getrou aan die werk wat Hy vir jou gegee het? Hoe kan jy getrou bly en vir Hom werk selfs wanneer dinge moeilik is?*

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Nehemia 1:1-11*

*Die verhaal van Nehemia seun van Gakalja.*

Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan.
2 Ganani, een van my medeamptenare, het daar aangekom uit Juda, hy en 'n
paar ander manne. Ek het by hulle navraag gedoen oor die Judeërs wat uit die
ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het, en oor Jerusalem, 3 en hulle het vir
my gesê: "Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda
groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is
verbrand." 4 By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank
getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid. 5 Ek het gesê: "Ag,
Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u
troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam, 6
luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid.
"Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons
teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig. 7 Ons het U nie geëer
nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooie, die voorskrifte, die bepalings wat U
aan u dienaar Moses gegee het. 8 "Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar
Moses gemaak het: 'As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi, 9
maar as julle julle tot My bekeer en my gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek
julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle
terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.'
10 "Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het. 11
Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars,
hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees
met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees." Ek
was die koning se skinker.

*Psalm 37:3-5*

3 Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. 4
Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. 5 Laat jou
lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Psalm 37:3–5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

### SOAP:

*Psalm 37:3–5*

*Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.*
*Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.*
*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.*

### OORDENKING

Het jy al ooit gevoel dat God op die punt was om iets groots te doen? Dalk het jy Hom sien beweeg op maniere wat jy nooit gedink het moontlik was nie en jy verwag dat Hy Homself op nuwe maniere aan jou gaan openbaar. Dalk het jy gesien hoe Hy 'n gebed begin beantwoord wat jy al jare lank bid. Of dalk, soos Nehemia, voel jy hoe Hy iets in jou hart roer, jou voorberei vir 'n spesifieke roeping.

Nehemia was 'n Jood wat in Persië gewoon het. Die volk van Juda kon uiteindelik na sewentig jaar na hulle vaderland terugkeer en die tempel en stad Jerusalem herbou. Nehemia het ongeveer 'n eeu na die Jode se aanvanklike terugkeer na Jerusalem gelewe. Hy was as skinker by die koning van Persië in diens—'n baie belangrike en gerespekteerde posisie.

Nehemia het ook vir God geken en geweet wat God vir sy volk gedoen het. Hy het besef dat die volk van God wat na Jerusalem teruggekeer het, sonder beskerming was en dat die stadsmure herbou moes word. Gebroke oor die nood van God se volk—sy volk—het Nehemia na God geroep. Hy het God gevra om in die hart van die koning van Persië te werk, sodat hy na Jerusalem kon gaan en sy volk help om die muur te herbou.

Die boek Nehemia vertoon die herstellende karakter van God. Hy het Nehemia gebruik om die mure van Jerusalem te herbou en die harte van die mense te herstel. Die getrouheid van God om namens sy volk op te tree is duidelik in hierdie gebeure. God het nie die mense herstel omdat hulle altyd gehoorsaam was nie, maar omdat Hy dit beloof het—en omdat Hy sy beloftes nakom.

Ons dien 'n God wat altyd namens sy mense sal optree. En soms, in sy genade, laat Hy ons dalk weet wanneer Hy op die punt staan om iets groots in ons lewens te doen. Terwyl ons die boek Nehemia bestudeer, laat ons waaksaam bly vir wat God in en om ons aanwakker. Want Hy is 'n God wat altyd werk, wat altyd ten goede sal werk in die lewens van sy kinders. Mag ons Hom vertrou en verwag dat Hy sal doen.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*2 Kronieke 36:15-21*

Die Here die God van hulle voorvaders het voortdurend aan hulle sy wil bekend gemaak deur middel van sy boodskappers, want Hy was begaan oor sy volk en sy woning, 16 maar hulle het die boodskappers van God uitgelag, sy woorde geminag en sy profete gespot totdat die toorn van die Here oor sy volk losgebreek het. Die straf was onherroeplik. 17 Die Here het die koning van die Galdeërs teen hulle laat optrek, en dié het die jongmanne van Juda doodgemaak binne in die heiligdom en nie jongman of meisie, grysaard of invalide ontsien nie. Die Here het almal in die mag van die koning van Babel gegee. 18 Alles wat in die tempel was, of dit groot was of klein, die skatte van die huis van die Here, van die koning en sy amptenare, alles het hy na Babel toe gevat. 19 Daarna het hulle die tempel afgebrand, die muur van Jerusalem afgebreek, al die beste huise afgebrand en alles wat van waarde was, verwoes. 20 Almal wat nie doodgemaak is nie, is na Babel toe weggevoer, waar hulle die koning van Babel en sy seuns se onderdane was totdat die Perse die bewind oorgeneem het. 21 So is die woord van die Here vervul wat deur middel van Jeremia gekom het. Die ballingskap het aangehou totdat die land vir sy sabbatsjare vergoed is. Die hele tyd dat die land woes gelê het, het dit ‘n sabbatsrus geniet, ‘n volle sewentig jaar.

*Esra 1:1-4*

In die eerste regeringsjaar van koning Kores van Persië is die belofte vervul wat die Here by monde van Jeremia uitgespreek het: die Here het koning Kores van Persië laat besluit om dwarsoor sy ryk ‘n proklamasie te laat afkondig. Die proklamasie, wat ook skriftelik was, het soos volg gelui: 2 “Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here die God van die hemel het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir Hom ‘n tempel in Jerusalem in Juda te bou. 3 Enigiemand onder julle wat aan sy volk behoort – mag sy God by hom wees – mag na Jerusalem in Juda toe gaan en die tempel gaan bou vir die Here die God van Israel. Hy is God in Jerusalem. 4 Elkeen wat van dié volk nog oor is, waar hy ook al tydelik gewoon het, moet deur die mense van sy omgewing voorsien word van die nodige silwer, goud, gebruiksgoed en vee, tesame met ‘n vrywillige gawe vir die tempel van God in Jerusalem.”

**L E E S**

*Week 1 • Dinsdag*

*Esra 7:1-10*

Dit was ná hierdie gebeurtenisse en in die regeringstyd van koning Artasasta van Persië dat Esra op die toneel gekom het. Hy was 'n seun van Seraja, en sy afstamming is teruggevoer oor Asarja, Gilkija, 2 Sallum, Sadok, Agitub, 3 Amarja, Asarja, Merajot, 4 Seragja, Ussi, Bukki, 5 Abisua, Pinehas en Eleasar tot by die hoëpriester Aäron. 6 Hierdie Esra het uit Babel gekom en hy was 'n geleerde man, kundig in die wet van Moses wat deur die Here die God van Israel gegee is. Omdat die Here sy hand oor Esra gehou het, het die koning hom alles gegee wat hy van hom gevra het. 7 In die sewende regeringsjaar van koning Artasasta het Esra en 'n aantal Israeliete, priesters, Leviete, tempelsangers, poortwagte en tempelslawe na Jerusalem toe teruggegaan. 8 Esra het in Jerusalem aangekom in die vyfde maand, in die sewende regeringsjaar van die koning. 9 Die vertrek uit Babel was vasgestel vir die eerste van die eerste maand, en op die eerste van die vyfde maand het Esra in Jerusalem aangekom. Sy God het hom beskerm. 10 Esra het hom gewy aan die wet van die Here. Hy wou dit in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer.

*2 Petrus 3:8-13*

Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. 9 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. 10 Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. 11 Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12 Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. 13 Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP** / *2 Petrus 3:9*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*2 Petrus 3:9*

*Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.*

**OORDENKING**

Voor ons met ons studie van Nehemia begin, is dit belangrik dat ons ʻn begrip het van die historiese agtergrond van hierdie gebeure. Die volk Israel het groot seëninge onder Koning Dawid beleef. Maar nadat Dawid se seun Salomo gesterf het, is die nasie Israel in twee koninkryke verdeel, Israel en Juda. Israel, die Noordelike Ryk, het teen God in opstand gekom en is deur die Assiriërs omvergewerp en vernietig. Die Assiriërs het die volk Israel in ballingskap verstrooi in die gebied wat onder hulle beheer was.

Gedurende die volgende honderd jaar het die volk Juda ook teen God in opstand gekom en Hy het hulle gedissiplineer. Die Babiloniërs het Jerusalem ingeneem en die volk in ballingskap weggevoer deur hulle na Babilon te neem, waar hulle sewentig jaar lank gebly het.

Uiteindelik, nadat die geprofeteerde sewentig jaar van ballingskap verby was, het God in die hart van die koning van Persië (die nasie wat sedertdien die Babiloniërs verower het) gewerk om die mense van Juda na hul vaderland te laat terugkeer. Baie het wel teruggekeer, en hulle het die tempel in Jerusalem begin herbou. Ongeveer vyftig jaar later het Esra na Jerusalem teruggekeer en aanbidding in die tempel hervestig.

Nehemia se verhaal begin kort na Esra se terugkeer. Nehemia het in Persië gewoon en nie soos baie ander na Jerusalem teruggekeer nie. God het egter vir Nehemia en sy verbintenisse met die koning van Persië gebruik om die muur van Jerusalem te herbou en om die harte van die volk van Juda terug te keer na Hom.

God het sy volk, beide Israel en Juda, gestraf omdat hulle teen Hom gedraai het en sy gebooie verontagsaam het. Na ʻn tydperk van dissipline het God die volk van Juda herstel. Hulle het berou getoon en van hulle afgodery afgewyk en God het hulle vergewe. Die Jode se fisiese terugkeer en herbouing van Jerusalem het weerspieël wat God in hulle harte gedoen het.

Alhoewel ons dalk nie ʻn letterlike ballingskap sal ervaar soos die volk van Juda nie, sal ons waarskynlik een of ander tyd die dissipline van God ervaar. Maar ons God is getrou aan sy beloftes wanneer ons getrou is om ons te bekeer en terug te keer na Hom. Hy is lankmoedig met ons, want Hy wil nie hê dat enigeen moet verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom en in Hom sal glo.

**L E E S**

*Week 1 • Woensdag*

*Nehemia 2:1-8*

Dit was in die maand Nisan, die twintigste jaar van koning Artasasta. Die wyn
was voor hom, en ek moes dit optel en aan hom gee. Ek was nooit bedruk voor
hom nie, 2 maar dié dag sê die koning vir my: “Hoekom lyk jy so bedruk? Is jy
dalk siek? Nie? Hartseer dan?” Ek was baie bang, 3 maar ek het vir die koning
gesê: “Mag die koning baie lank lewe! Hoe sal ek dan nie bedruk lyk as die
stad waar my voorvaders begrawe is, in puin lê en sy poorte verbrand is nie?” 4
Toe sê die koning vir my: “Is daar iets wat jy my wil vra?” Ek het ‘n skietgebed
opgestuur na die God van die hemel 5 en toe vir die koning gesê: “As die koning
dit goedvind, as u dienaar op u goedgesindheid mag reken, stuur my na Juda toe,
na die stad waar my voorvaders begrawe is, sodat ek die stad kan herbou.” 6 Die
koningin het langs die koning gesit. Hy het vir my gevra: “Hoe lank sal jou reis
duur en wanneer sal jy terug wees?” Hy was die saak dus goedgesind, hy het my
die opdrag gegee. Ek het vir hom ‘n tyd aangedui 7 en toe vir hom gevra: “As
die koning dit goedvind, laat ek briewe kry aan die goewerneurs in Wes-Eufraat,
sodat hulle my vrye deurgang kan gee tot ek in Juda aankom. 8 Ek het ook ‘n
brief aan Asaf nodig, die opsigter oor die staatsbos, dat hy my kan voorsien van
hout om die poorte van die vesting by die tempel te maak, en vir die stadsmuur
en vir die huis wat ek sal bewoon.” My God het sy goeie hand oor my gehou, en
die koning het my versoek toegestaan.

*Kolossense 3:23-24*

Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense
nie, 24 omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe
het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP /** *Kolossense 3:23–24*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP:**

*Kolossense 3:23–24*

*Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.*

**OORDENKING**

Vier maande het verloop sedert Nehemia die eerste keer gehoor het van die toestand van die muur van Jerusalem. Hy het gebid en God gevra vir wysheid, hulp en deernis vir sy volk. Maar Nehemia het nie daardie vier maande gesit en niks doen nie. Hy het selfs nie daardie maande net in gebed deurgebring nie.

Toe Nehemia die koning genader het met sy versoek, was hy voorbereid. Hy het verwag wat die koning sou vra, en hy was voorbereid met antwoorde op sy vrae. Hy het presies geweet wat hy van die koning sou nodig hê, en hy was dapper genoeg om dit te vra. Nehemia het daardie vier maande in gebed spandeer en God vir wysheid en leiding gevra. Hy het ook daardie vier maande spandeer om te beplan. Hy het besef dat hy getrou en gehoorsaam aan God se roeping moes wees deur iets omtrent die saak te doen. Tog, toe die koning hom vra wat hy wil hê, het Nehemia eers gebid en God om hulp gevra, wetende dat, tensy Hy die koning se hart beweeg, hierdie sending nie sou slaag nie. Nehemia het getrou voorberei om die werk van God te doen, selfs terwyl hy in afwagting was op God se antwoord.

Niks sou God se plan om die muur te herbou verydel nie. Maar, vanweë sy getrouheid en gehoorsaamheid kon Nehemia deel van die werk wees en die volk in die proses lei. God is voortdurend besig om te herbou, selfs in ons eie lewens. Dit mag persoonlik wees, of God is dalk besig om iets vir ons gesinne, gemeenskappe of nasies te herbou. Wanneer ons getrou en gehoorsaam bly, kan ons deel wees van wat God doen. Wanneer ons daartoe verbind is om stappe van geloof te neem, maak nie saak hoe onseker nie, sal ons geseën word deur die maniere wat God ons voorgaan en ‘n weg maak.

Wat het God op jou hart gelê in hierdie seisoen? God werk altyd, Hy berei ons altyd voor vir wat Hy in ons lewens doen. Hoe kan jy getrou wees aan wat Hy jou huidiglik gegee het om te doen? Wat is jou verantwoordelikheid terwyl jy wag? Wat moet jy prysgee en God toelaat om te doen terwyl jy op ander maniere voorberei?

God is altyd getrou aan ons, en Hy vra vir ons gehoorsaamheid en getrouheid. Hy het vir ons elkeen werk gegee om te doen. Mag ons getrou wees om met entoesiasme te werk, en onthou dat ons vir die Here werk en dat daar ‘n ryke seën is om te doen wat Hy ons gegee het om te doen.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Nehemia 2:9-20*

Ek het by die goewerneurs in Wes-Eufraat gekom en die briewe van die koning
aan hulle oorhandig. Die koning het offisiere en ruiters met my saamgestuur. 10
Toe Sanballat die Goroniet en Tobija die Ammonitiese amptenaar dit hoor, was
dit vir hulle slegte nuus. Hulle het dit as 'n groot ramp beskou dat daar iemand
gekom het wat iets goeds vir die Israeliete wou doen. 11 Ek het in Jerusalem
aangekom, en na ek drie dae daar was, 12 is ek die nag stilletjies uit met 'n paar
man by my. Ek het vir niemand gesê wat my God my in die hart gegee het om vir
Jerusalem te doen nie. Behalwe my rydier het ek geen diere by my gehad nie. 13
Ek is dié nag deur die Dalpoort na die Jakkalsfontein en die Vullispoort toe en
het die mure van Jerusalem nagegaan waar hulle afgebreek was en ook die poorte
wat verbrand was. 14 Toe ek by die Fonteinpoort en die Koningsdam kom, was
daar nie plek vir my rydier om verby te kom nie, 15 en moes ek in die nag met
die vallei op boontoe sodat ek die muur kon nagaan. Daarna het ek omgedraai
en is ek weer deur die Dalpoort en terug huis toe. 16 Die ampsdraers het nie
geweet waarheen ek was en wat ek gedoen het nie. Tot dusver het ek niks laat blyk
teenoor die Judeërs, die priesters, die vooraanstaande burgers, die ampsdraers
of die ander wat die werk moes doen nie. 17 Maar toe sê ek vir hulle: "Julle
sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte
is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat dié vernedering nie
langer op ons rus nie." 18 Ek het hulle toe vertel hoe my God sy goeie hand oor
my gehou het en wat die koning vir my gesê het. Hulle het gesê: "Kom ons bou!"
en hulle het die goeie werk aangepak. 19 Maar toe Sanballat die Goroniet, Tobija
die Ammonitiese amptenaar en Gesem die Arabier hoor wat ons doen, het hulle
ons uitgelag en smalend gevra: "Wat vir 'n ding is dit waarmee julle besig is? Wil
julle in opstand kom teen die koning?" 20 Ek het hulle geantwoord en vir hulle
gesê: "Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars,
gaan bou. Julle het nóg aandeel nóg reg in Jerusalem, en geen historiese band met
hom nie."

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

SOAP / *Nehemia 2:18*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*Nehemia 2:18*

*Ek het hulle toe vertel hoe my God sy goeie hand oor my gehou het en wat die koning vir my gesê het. Hulle het gesê: "Kom ons bou!" en hulle het die goeie werk aangepak.*

**OORDENKING**

Nadat Nehemia die koning van Persië se seën en toestemming ontvang het, het Nehemia na Jerusalem vertrek. Hy is nie afgeskrik deur die werk wat God hom gegee het om te doen nie, selfs al was die goewerneurs van die streek, die vyande van Israel, ontevrede. Hy het voortgegaan met die beplanning en voorbereiding vir die werk deur die mure van Jerusalem ten volle te inspekteer. Hy het geweet dat hy nie hierdie werk op sy eie kon voltooi nie en hy het mense versigtig en strategies uitgenooi om aan te sluit by hierdie projek.

Nehemia was oortuig van God se plan om die mure van Jerusalem te herbou en ook God se roeping op sy lewe om die volk in hierdie werk te lei. Soos hy noukeurig beplan en voorberei het voordat hy sy versoek aan die koning voorgelê het, het Nehemia sorgvuldig beplan en voorberei voordat hy die werk aan die volk voorgelê het.

Selfs in al die noukeurige beplanning en voorbereiding het Nehemia sy afhanklikheid van God erken. Hy was so oortuig van God se belofte om die muur te herbou dat hy versigtig was om getrou en gehoorsaam te wandel in elke stap van die werk verrigtinge. Sy aandag aan die fynste besonderhede toon sy geloof.

Die volk Jerusalem het God se hand op Nehemia erken, sowel as Nehemia se getrouheid aan God se opdrag. As gevolg van sy ywer en geduld was die mense opgewonde en gereed om te werk aan die goeie projek wat God hulle gegee het.

Ons het almal 'n roeping ontvang. Die werk van die evangelie lê voor ons. As volgelinge van Christus moet ons die evangelie na die wêreld neem en dissipels van alle nasies maak. Ons werk saam met God om die gebrokenheid as gevolg van sonde wat in die wêreld is, te herbou. Wanneer ons die evangelie na donker plekke neem, wanneer ons die waarheid van wie Jesus is met ander deel, is ons besig met hierdie goeie projek. Die beplanning en voorbereiding is reeds gedoen, en soos Nehemia die volk byeengeroep het, roep Jesus ons om saam met Hom hierdie belangrike werk te doen. Mag ons getrou wees om onsself gereed te verklaar en betrokke te raak by hierdie g

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*Nehemia 3:1-32*

Die hoëpriester Eljasib en sy ampsgenote die priesters het begin en die Skaappoort
gebou. Hulle het die poort gewy en sy deure ingesit. Daarna het hulle gebou
tot by die Toring-van-die-Honderd, dit gewy en toe verder gebou tot by die
Gananeltoring. 2 Die manne van Jerigo het die volgende stuk gebou en Sakkur
seun van Imri die volgende. 3 Die Senaäfamilie het die Vispoort gebou. Hulle het
die houtwerk klaar gemaak en die deure, die skarniere en die sluitbalke ingesit. 4
Meremot seun van Urija, seun van Kos, het die volgende stuk herstel, Mesullam
seun van Berekja, seun van Mesesabel, die volgende, en Sadok seun van Baäna
die volgende. 5 Die volgende stuk is herstel deur die mense van Tekoa, maar
hulle vooraanstaande mense was nie gewillig om swaar werk te doen vir hulle
Here nie. 6 Jojada seun van Paseag, en Mesullam seun van Besodja het die Ou
Poort herstel. Hulle het die houtwerk klaar gemaak en die deure, die skarniere en
die sluitbalke ingesit. 7 Die volgende stuk is herstel deur Melatja van Gibeon en
Jadon van Meronot, en deur die manne van Gibeon en Mispa wat in diens was
van die goewerneur van Wes-Eufraat. 8 Ussiël seun van Garhaja, en die smede
het die volgende stuk herstel, en Gananja, een van die salfmengers, die volgende.
Hulle het buite om Jerusalem gebou tot by die Breë Muur. 9 Refaja, seun van
Gur en gesagvoerder oor 'n halwe stadswyk van Jerusalem, het die volgende stuk
herstel, 10 en Jedaja seun van Garumaf die volgende, tot regoor sy huis. Die
volgende stuk is herstel deur Gattus seun van Gasabneja. 11 'n Volgende deel, tot
by die Bakoondtoring, is herstel deur Malkija seun van Garim, en Gassub seun van
Pagat-Moab. 12 Sallum, seun van Loges en gesagvoerder oor 'n halwe stadswyk
van Jerusalem, het die volgende stuk gebou, hy en sy dogters. 13 Die Dalpoort
is herstel deur Ganun en die inwoners van Sanoag. Hulle het die poort herbou,
sy deure, skarniere en sluitbalke ingesit, en die stuk muur van vier honderd en
vyftig meter tot by die Vullispoort gebou. 14 Die Vullispoort self is herstel deur
Malkija, seun van Rekab en gesagvoerder oor die stadswyk Bet-Kerem. Hy het die
poort herbou en die deure, skarniere en sluitbalke ingesit. 15 Die Fonteinpoort is
herstel deur Sallun, seun van Kol-Gose en gesagvoerder van die stadswyk Mispa.
Hy het die poort herbou, die dak opgesit en die deure, skarniere en sluitbalke
ingesit, en verder ook die muur van die Kanaaldam herbou, van die Koningstuin
af tot by die trappe wat uit die Dawidstad afkom. 16 Nehemia, seun van Asbuk
en gesagvoerder oor die halwe stadswyk Bet-Sur, het die volgende stuk herstel,
tot regoor die Dawidsgrafte en tot by die gemesselde dam en die kwartiere van
die lyfwag. 17 Die volgende stuk is herstel deur die Leviete, die eerste deur
Regum seun van Bani, en die ander deel deur Gasabja, die gesagvoerder oor die

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

halwe stadswyk Keïla, namens sy wyk. 18 Die volgende stuk is herstel deur hulle ampsgenote, die eerste deur Binnuï, seun van Genadad en gesagvoerder oor die ander helfte van die stadswyk Keïla, 19 en die ander deel deur Eser, seun van Jesua en gesagvoerder oor Mispa. Dit was die deel van regoor die ingang van die wapenkamer af tot by die draai in die muur. 20 Die volgende deel is herstel deur Baruk seun van Sabbai, van die draai af tot by die ingang na die hoëpriester Eljasib se huis. 21 Die volgende stuk, van die ingang na Eljasib se huis af tot aan die anderkant van die huis, is herstel deur Meremot seun van Urija, seun van Kos. ʻn Volgende stuk is deur die priesters herstel, die eerste deur die manne van die omliggende gebied, 23 die tweede deel deur Benjamin en Gassub, regoor hulle huise, die derde deel deur Asarja seun van Maäseja, seun van Ananeja, reg voor sy huis. 24 Die volgende stuk, die deel van Asarja se huis af tot by die draai en verder tot in die hoek, is herstel deur Binnuï seun van Genadad. 25 Palal seun van Usai het die stuk herstel van regoor die draai af, en ook die toring teen die boonste paleis by die Wagplein. Die volgende stuk is herstel deur Pedaja seun van Paros, 26 en die tempelslawe wat op die Ofel gewoon het. Dit was die gedeelte tot regoor die Waterpoort aan die oostekant en die aangeboude toring. 27 Die volgende deel, die stuk van regoor die groot aangeboude toring af tot by die Ofelmuur, is herstel deur die mense van Tekoa. 28 Die stuk van bokant die Perdepoort af is deur die priesters herstel, elkeen die gedeelte regoor sy huis. 29 Sadok seun van Immer het die volgende stuk, dié regoor sy huis, herstel, en Semaja, seun van Sekanja en opsigter van die Oospoort, die volgende stuk. 30 Die volgende deel is herstel deur Gananja seun van Selemja, en Ganun die sesde seun van Salaf, en die volgende deur Mesullam seun van Berekja tot regoor sy kamer. 31 Malkija, een van die smede, het die volgende stuk herstel, tot by die kwartiere van die tempelslawe en die handelaars, regoor die Inspeksiepoort en verder tot by die kamer bo-op die hoek. 32 Tussen die kamer op die hoek en die Skaappoort het die smede en die handelaars die herstelwerk gedoen.

*Jesaja 61:4*

Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou, plekke herbou wat lankal verlate lê, hulle sal verwoeste stede weer opbou, plekke wat geslagte lank verlate lê.

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Jesaja 61:4*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP:**

*Jesaja 61:4*

*Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou, plekke herbou wat lankal verlate lê, hulle sal verwoeste stede weer opbou, plekke wat geslagte lank verlate lê.*

**OORDENKING**

Meer as drie-honderd jaar voordat Nehemia na Jerusalem teruggekeer het om die tempel te herbou, het God deur die profeet Jesaja ‘n belofte gespreek. Toe God hierdie belofte gemaak het, was Jerusalem nog nie verwoes nie. God het die mense gewaarsku wat sou gebeur as hulle sou voortgaan in hul ongehoorsaamheid, en tog het Hy ook belowe dat Hy hulle sou herstel en dat Hy dít wat verwoes en in puin was, sou herbou.

Nie net het God belowe om Jerusalem te herbou nadat dit verwoes is nie, maar Hy het sy volk toegelaat om deel te neem aan die werk. Die mense van Juda het bymekaargekom en gewerk om dele van die muur te herbou. Hulle was van oral oor oor die streek en hulle het saam met hul families en bure gewerk om die werk te voltooi. Dit het tyd en moeite en deelname van die mense geneem om die muur te herbou. Tog het Nehemia se passie die mense aangemoedig om God se belofte te glo en deel te neem aan die werk wat Hy vir hulle gegee het.

Ons God is ‘n hersteller, ‘n verlosser en ‘n herbouer. Hy hou nooit op om te werk nie, ongeag of ons die werk kan sien of nie. Hy is getrou om dít was verwoes of vernietig is te herbou en Hy is genadig om ons die voorreg te gun om saam met Hom te werk. God het ons nie nodig om sy doelwitte te bereik nie. Hy kon vir Nehemia op sy eie gebruik het, of selfs ervare bouers van Perisë om die muur te herbou. Maar in plaas daarvan het Hy sy volk gebruik, onopgelei en onervare, maar gewillig en gehoorsaam om die werk te doen wat Hy vir hulle gegee het.

Ons mag dalk in ‘n seisoen van verwoesting, herbouing of vooruitgang wees. Maak nie saak watter seisoen ons ons in bevind nie, ons God is aan die werk. In die verwoesting is Hy getrou om te vergewe, te herstel en ons te versterk terwyl ons vir Hom wag. In die seisoen van herbou is Hy getrou om alles wat ons benodig te voorsien sodat ons sy wil kan doen. En in vooruitgang is Hy steeds met ons, seën Hy ons en vul Hy ons met sy vreugde wanneer ons Hom loof. Mag ons getrou en gehoorsaam aan Hom wees, ongeag van die seisoen waarin ons ons bevind.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Wat noop jou om oor God se volk te treur en te huil soos Nehemia oor die vernietiging van Jerusalem getreur en gehuil het? Hoe moedig Nehemia se gebed jou aan om te bid en God se guns oor hierdie kwessie te soek?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

2. *God het groot geduld en deernis vir sy mense getoon, en hulle geleenthede gegee om te bekeer en na Hom terug te keer. Wanneer het jy God se geduld of deernis ervaar?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

3. *Wat het God jou gegee om te doen? Hoe kan jy in jou huidige seisoen getrou wees om daardie werk voort te sit?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

4. *In watter tipe seisoen is jy nou? Hoe kan jy geduldig wag, getrou herbou of met vreugde ontvang op grond van waar jy nou is?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

5. *Wat leer die vermelding van die rekonstruksie ons oor spanwerk en eenheid? Hoe kan ons hierdie beginsels vandag in die kerk toepas?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

*Daarna, toe ek agterkom dit is nodig, het ek die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en die res van die volk toegespreek: "Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsaagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise."*

*Nehemia 4:14*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Die mense van Jerusalem het teenstand ondervind terwyl hulle besig was om die muur te herbou. Wat kan jy doen om jouself te beskerm teen die aanvalle van die vyand? Dit kan beteken dat jy jou interaksie met sekere mense, die mendia of selfs sekere soorte kos beperk. Vra God om vir jou maniere te wys om jouself, jou gesin en jou roeping teen die aanvalle van die vyand te beskerm.*

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Nehemia 4:1-5*

Toe Sanballat hoor ons bou die muur, was hy woedend. Hy het met groot ergernis smalend teen die Judeërs uitgevaar 2 en vir sy medeamptenare en vir die soldate in Samaria gesê: "Waarmee is die arme Judeërs besig? Wil hulle vir hulle 'n stadsmuur bou? Wil hulle offerandes bring en in een dag klaarmaak? Wil hulle die klippe laat herleef uit daardie hope stof en as?" 3 Tobija die Ammoniet het langs Sanballat gestaan en hy het gesê: "Laat hulle bou! Daardie klipmuur van hulle sal omval as 'n jakkals daarteen spring!" 4 Hoor dit, ons God! Ons word bespotlik gemaak! Laat dié smaad op hulle eie kop afkom, laat hulle gevangenes word in 'n land van ballingskap! 5 Moenie hulle oortreding vergewe nie, moenie dat hulle sonde ooit voor U uitgewis word nie! Hulle het die bouers beledig!

*Genesis 13:1-18*

Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy besittings, en Lot saam met hom. 2 Abram was baie ryk aan vee en silwer en goud. 3 Hy het van plek tot plek uit die Suidland getrek na Bet-El toe, na die plek waar sy tente aan die begin gestaan het, tussen Bet-El en Ai, 4 die plek waar hy vroeër 'n altaar gebou het. Daar het Abram die Naam van die Here aangeroep. 5 Lot, wat saam met Abram getrek het, het self ook baie kleinvee en beeste en tente vir sy mense gehad. 6 Die land kon nie in Abram en Lot saam se behoeftes voorsien sodat hulle bymekaar kon bly nie. Hulle besittings was te veel; hulle kon nie bymekaar bly nie. 7 Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied gewoon. Daar het toe 'n getwis ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s'n. 8 Toe sê Abram vir Lot: "Daar behoort nie 'n getwis te wees tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie. 9 Die hele land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links." 10 Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos 'n tuin van die Here, soos Egipte. Dit was naamlik nog voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het. 11 Lot het die hele Jordaanstreek vir hom gekies en hy het ooswaarts versit. So het die twee van mekaar geskei: 12 Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die Jordaanstreek gewoon; tot by Sodom het hy gaan tent opslaan. 13 Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.

*Genesis 19:36-38*

So het die twee dogters van Lot by hulle pa swanger geword. 37 Die oudste het 'n seun in die wêreld gebring en hom Moab genoem. Hy is die voorvader van die Moabiete. 38 Die jongste dogter het ook 'n seun in die wêreld gebring en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die voorvader van die Ammoniete.

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Numeri 22:3-6*

Die Moabiete het baie groot geskrik vir die Israeliete, want hulle was baie. Die Moabiete het bang geword vir die Israeliete 4 en het vir die leiers van Midian gesê: "Hierdie horde gaan alles rondom ons opvreet soos beeste die gras in die veld opvreet." Balak seun van Sippor was destyds koning van Moab 5 en hy het boodskappers gestuur om vir Bileam seun van Beor te laat haal. Hy was in Petor aan die Eufraat in die land Ammau. Balak het hom laat weet: "'n Volk wat uit Egipte kom, het hier by my kom intrek. Die aarde is tóé onder hulle. 6 Kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my, want hulle is te sterk vir my. Miskien sal ek hulle dan kan verslaan en uit die land verdryf. Ek weet: wie jy seën, is geseën, en wie jy vervloek, is vervloek."

*Deuteronomium 2:19*

en jy sal naby die grens van die Ammoniete kom. Moet hulle nie aanval en teen hulle oorlog maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir jou as besitting gee nie. Ek het dit vir die nageslag van Lot gegee as besitting."

*Deuteronomium 23:3-4*

Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie. 4 Dit is omdat hulle jou nie van kos en water voorsien het toe julle uit Egipte getrek het nie en hulle vir Bileam seun van Beor uit Petor in Mesopotamië gehuur het om jou te vervloek.

*Psalm 54:3-5*

Red my deur u mag, o God, laat aan my reg geskied deur u krag. 4 Hoor my gebed, o God, luister na my woorde, 5 want vyande staan teen my op, geweldenaars soek my lewe, hulle hou geen rekening met God nie. Sela

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Psalm 54:5-7*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

**SOAP:**

*Psalm 54:5–7*

*Want vyande staan teen my op, geweldenaars soek my lewe, hulle hou geen rekening met God nie.(Sela) Maar vir my help God altyd, die Here hou my lewe in stand. Laat die onheil wat my teëstanders beplan, op hulleself neerkom. U is getrou: vernietig hulle.*

**OORDENKING**

Die volgende paar hoofstukke van Nehemia (hoofstukke 4–6) vertel van die teenstand waarmee die Jode te doen gekry het toe hulle begin het met die herbou van Jerusalem se mure. Die skrywer van Nehemia het doelbewus hierdie besonderhede ingesluit om sy lesers te herinner dat teenkanting teen God se werk nie 'n rede is om op te hou nie.

Die twee mans van wie die Jode die meeste teenstand gekry het met hulle herboupogings was Sanballat die Goroniet (Goron was 'n stad in Moab, dus was hy 'n Moabiet) en Tobija die Ammoniet. Die Moabiete en Ammoniete was broers en vyande van die Jode. Beide volke het van Lot afgestam, die broerskind van Abraham, die voorvader van die Joodse volk. God het vir Lot sowel as Abraham se nageslag grond gegee, en die Israeliete het die grense wat God vasgestel het, gerespekteer.

Op reis deur die woestyn na die Beloofde Land het die Moabiete en Ammoniete egter die Israeliete teengestaan en hulle nie gehelp nie. Daarom het God 'n duidelike onderskeid gemaak tussen sy volk en die mense van hierdie nasies. Dit was dus geen wonder dat die grootste teenstand teen die herbou van Jerusalem se mure van 'n Moabiet en 'n Ammoniet gekom het nie. Hierdie mans het die Jode as gevolg van geslagtelange konflik gehaat en voortgegaan om hulle te opponeer, al was hulle werk met die uitdruklike toestemming en onder die beskerming van die heersende owerhede van daardie tyd.

Solank God se volk sy werk gaan doen en sy doelwitte bereik, sal daar teenstand wees. God verwyder nie alle teenstand teen sy wil nie, en teenstand is nie 'n teken dat God nie aan die werk of nie in beheer is nie. Teenstand maak ons meer afhanklik van God. Dit maak ons meer vasberade om getrou te bly aan die roeping wat Hy ons opgelê het.

Net soos Nehemia moet ons God se getrouheid onthou wanneer ons met teenkanting gekonfronteer word. Hy sal ons help om die taak wat Hy ons opgelê het, te voltooi en Hy sal oor sy volk waak en hulle beskerm totdat sy wil geskied. Dit maak nie saak wie ons opponeer nie. God sal miskien nie onmiddellik die teenstand wat ons ondervind uit die weg ruim nie, maar Hy is altyd getrou om vir ons deursettingsvermoë te gee terwyl ons sy goeie werk voortsit.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Nehemia 4:6-14*

Ons het bly bou aan die muur. Die hele muur was al halfpad opgebou. Die mense
se hart was in die werk. 7 Sanballat, Tobija, die Arabiere, die Ammoniete en die
mense van Asdod was hewig ontsteld toe hulle hoor die herstel aan Jerusalem
se mure vorder en die afgebreekte gedeeltes is byna klaar opgebou. 8 Hulle het
saamgesweer om Jerusalem te kom aanval en verwarring te stig. 9 Ons het tot ons
God gebid en dag en nag wagte teen hulle uitgesit. 10 Die Judeërs het begin kla:
"Die draers se kragte gee in, die puin is te veel. Ons gaan dit nie regkry om die
muur klaar te bou nie." 11 Ons teenstanders het gedink: hulle sal niks weet of
sien voor ons tussen hulle is en hulle doodmaak en die werk tot stilstand bring
nie. 12 Ons is egter keer op keer gewaarsku deur Judeërs wat naby ons vyande
gewoon het en van oral af na ons toe gekom het. 13 Ek het die volk, gewapen
met swaarde, spiese en pyle en boë, familiegewys ingedeel en hulle stelling laat
inneem agter die muur onderkant elke plek waar die muur nog nie hoog genoeg
was nie. 14 Daarna, toe ek agterkom dit is nodig, het ek die vooraanstaande
burgers, die ampsdraers en die res van die volk toegespreek: "Moenie vir hulle
bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle
broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise."

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

SOAP / *Nehemia 4:14*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Nehemia 4:14*

*Daarna, toe ek agterkom dit is nodig, het ek die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en die res van die volk toegespreek: "Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise."*

**OORDENKING**

Die teenkanting teen die herbouery het aangehou. Toe die volk onwrikbaar bly, het hulle vyande hulle met meer geweld teengestaan. Hulle het saamgesweer om Jerusalem met 'n leër aan te val en die mense dood te maak. Hulle haat vir die Jode het hulle gedryf om alles in hulle vermoë te doen om die herbouery tot stilstand te dwing.

Nehemia het aangehou bid. Hy het die mense gelei om terug te draai na God en Hom te vra om hulle vyande te stop. Sanballat, Tobija en die ander wat hulle teengestaan het, het nie besef dat God die Jode gehelp het nie. Al was die Jode kwesbaar, was hulle God nie. Hy sou vir hulle veg en hulle beskerm. Nehemia het dit geweet en die mense herinner wie hulle God is. Hy het hulle bemoedig en vermaan om aan God te dink, nie bang te wees nie en vir hulle gesinne te veg. Hulle het vir God se eer en die voortsetting van die werk geveg. Niks wat hulle vyande kon doen, kon God se werk en voornemens verydel nie.

Ons het ook 'n baie werklike vyand. Ons vyand mag dalk nie lyk soos 'n fisiese weermag wat ons kom aanval nie, maar daar is 'n geestelike weermag wat elke dag 'n aanval teen ons beplan. Die duiwel se haat vir ons sal hom aanspoor om alles in sy vermoë te doen om die werk wat God in en deur ons doen, stop te sit.

Nehemia het nie vreesbevange geraak toe sy vyande die aanval beplan het nie, en ons ook nie. Deur Christus het ons krag ontvang, en al wat ons moet doen om vas te staan, is om na Hom op te kyk. Hy het belowe om ons te beskerm, te bewaak en vir ons te veg.

Ongeag waarvoor ons te staan kom, ongeag in watter geveg ons onsself bevind, ons kan Nehemia se vermaning ter harte neem: Moenie bang wees nie, onthou die groot en ontsagwekkende God wat ons dien is altyd, altyd besig om namens ons te veg. Ons kan die vyand, die magte van die duisternis en die heersers van die wêreld beveg as gevolg van sy mag. Mag ons krygers wees wat bid, op God vertrou om namens ons te veg en terselfdertyd bereid is om op te staan en te veg wanneer Hy ons daarvoor oproep.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Nehemia 4:15-23*

Ons vyande het gehoor dat ons van hulle planne weet en dat God dit verydel het, en ons kon almal teruggaan muur toe, elkeen na sy werk toe. 16 Van daardie dag af was een helfte van my manne aan die werk en het die ander helfte die spiese, skilde, pyle en boë en harnasse gereed gehou. Diegesagvoerders het plek ingeneem agter elke familiegroep Judeërs 17 wat aan die muur gebou het. Dié wat boumateriaal moes aandra, het met een hand die werk gedoen en met die ander hand ʻn wapen vasgehou. 18 Die bouers het elkeen sy swaard om die heupe vasgegord gehad. Die ramshoringblaser het naby my gebly. 19 Ek het vir die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en die res van die volk gesê: "Die werk is groot en uitgestrek, en ons is oor die hele muur uitgesprei, elkeen ver van die naaste man af. 20 Waar julle ook al die ramshoring hoor blaas, daar moet julle by ons saamtrek. Ons God sal vir ons die stryd voer." 21Ons het met die werk aangegaan, die helfte van die manne met spiese in die hand, van dagbreek af tot die sterre uitgekom het. 22 Ek het dié tyd ook vir die volk gesê: "Elke man met sy handlanger moet in Jerusalem oornag, sodat hulle snags vir wagdiens en bedags vir die werk beskikbaar is." 23 Nie ek of my medeamptenare of my dienaars of die wagte by my het kans gekry om ons klere uit te trek nie en selfs by die water het ons ons wapens gereed gehou.

*1 Petrus 5:8-11*

Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ʻn brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. 9 Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. 10 God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle ʻn kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. 11 Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP** / *1 Petrus 5:8–11*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

### SOAP:

*1 Petrus 5:8–10*

*Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.*

### OORDENKING

Die Jode het 'n plan gehad om teen hulle vyand weerstand te bied. Hulle het saamgewerk, party het waggestaan en ander het gewerk, maar almal was te alle tye slaggereed. Hulle het geweet hulle veg nie alleen nie. Nehemia het die muur gepatrolleer en was oorgehaal om die mense teen 'n aanval te waarsku. In so 'n geval sou die mense by die aanvalsplek gaan help, waar dit ook al was, mekaar ondersteun en vir mekaar veg. Ons het 'n soortgelyke plan nodig om die planne van die vyand teen te staan. Ons kan dit nie alleen doen nie.

Ons het ons geloofsgemeenskappe om ons nodig wat almal saamstaan om vir mekaar te veg wanneer een van ons aangeval word. Ofskoon die aanvalle waarvoor ons te staan kom nie so opsigtelik is as die aanvalle op die Jode toe hulle die muur herbou het nie, kan ons steeds die vyand se vordering beveg en ons broers en susters in die geloof beskerm.

Ons is dalk nie besig om 'n fisiese muur in ons lewens te herbou nie, maar God is altyd aan die werk. Wat Hy ook al in jou lewe doen, weet dit: daar is 'n baie werklike vyand wat alles in sy vermoë sal doen om God se werk te stuit.

Ons moet waaksaam en te alle tye bewus wees van die planne van ons sielsvyand, wat sy bes doen om ons op enige moontlike manier te verslind. Net soos die Jode voorbereid was op 'n aanval deur hulle swaarde en wapens saam te dra, moet ons ook wakker en oorgehaal wees vir 'n aanval. Ons doen dit deur standvastig te bly in ons geloof, vir mekaar te bid en as 'n liggaam van Christus verenig te bly (Efesiërs 6:10–18).

God is besig om sy koninkryk op aarde te bou en te werk vir sy eer en die welsyn van sy volk. En omdat ons sy dienaars is, moet ons oorgehaal wees vir 'n aanval deur die duiwel. Ons moet waaksaam en gereed wees om te alle tye die vyand met gebed en met die waarheid teen te staan. Die Jode wat die muur herbou het, het swaargekry en gesukkel terwyl hulle gewerk het, maar soos ons binnekort sal sien, het God hulle vir seker herstel. Hy sal dit vir ons ook doen. Hou aan om Hom te vertrou en hou aan om die vyand te weerstaan.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Nehemia 5:1-5*

Sekere mense en hulle vrouens het 'n ernstige klag teen hulle Judese volksgenote ingebring. 2 Party het gesê: "Ons, ons seuns en ons dogters is baie. Ons moet koring in die hande kry om te eet en te lewe." 3 Party het gesê: "Ons moes vanweë die hongersnood ons lande, ons wingerde en ons huise verpand om koring in die hande te kry." 4 Party het gesê: "Ons moes geld leen om aan die koning die belasting op ons lande en ons wingerde te betaal. 5 Ons en ons volksgenote, hulle seuns en ons seuns, is tog één, maar óns moet van ons seuns en ons dogters laat slawe word. Van ons dogters is al klaar slawe, en ons kan daar niks aan doen nie, want ons lande en ons wingerde is in ander se hande."

*Deutoronomium 23:19-20*

"Jy mag niks teen rente aan jou volksgenoot uitleen nie: nie geld of kos of enigiets wat 'n mens kan uitleen nie. 20 Jy mag aan 'n nie-Israeliet iets teen rente uitleen, maar aan jou volksgenoot mag jy niks teen rente uitleen nie. Dan sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak in die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem.

*Spreuke 3:27*

Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie.

*Spreuke 19:17*

Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP** / *Spreuke 19:17*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP:**

*Spreuke 19:17*

*Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.*

**OORDENKING**

In vandag se leesstuk word ons daarop attent gemaak dat sommige Jode nie ander Jode behandel het soos God bedoel het nie. God het die Israeliete afgesonder as sy uitverkore volk, en hulle was veronderstel om anders te leef en op te tree as ander nasies. Dit het beteken om volgens 'n ander stel morele standaarde te leef, en het ook gegeld vir die manier waarop hulle met mekaar omgegaan het.

Een van die opdragte wat God aan sy volk gegee het, was om nie rente van mekaar te vorder nie. As iemand in nood was, moes die Jode mede-Jode help, nie rente op terugbetalings verwag nie, en die een wat die geld geskuld het, genadig wees. Die Jode kon rente vorder van vreemdelinge, maar hulle optrede teenoor mekaar moes 'n toonbeeld wees van God se genade en die wyse waarop hy sy volk van ander nasies afgesonder het.

Terwyl die muur herbou is, het die meer vermoënde Jode egter nie hulle volksgenote behandel soos God se bedoeling was nie. Baie van die mense wat aan die muur gewerk het, het hulle landerye en families gelos om die werk te voltooi. Dit het beteken hulle kon nie voedsel verbou of geld maak om kos te koop nie. Die ryker Jode het geld aan hulle geleen maar het rente gehef en hul kinders as slawe gehou totdat die skuld afbetaal was. Die ryk Jode was meer begaan oor geld maak as om die werk van God te bevorder of om na hulle broers en susters om te sien.

As God se volk moet ons anders as die wêreld lewe. Ons moet mildelik gee aan mense in nood, veral diegene in God se familie. In plaas daarvan om iets terug te verwag of om iemand aan skuld te onderwerp, wil God hê ons moet vrygewig en genadig wees met wat Hy aan ons gegee het. Ons moet meer besorg wees oor die uitdra van die evangelie en die welsyn van God se mense as oor ons eie gemak en veiligheid. As ons dit doen, kan ons vol vertroue wees dat Hy sal aanhou om ons te seën en alles wat ons nodig het sal voorsien.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Nehemia 5:6-13*

Ek was hewig ontsteld toe ek dié klag en dié beskuldigings hoor. 7 Na ek dit oorweeg het, het ek die skuld op die vooraanstaande burgers en die ampsdraers gelê en vir hulle gesê: "Julle is besig om julle volksgenote uit te buit!" Ek het bowendien 'n groot volksvergadering belê om hulle aan die man te bring 8 en daar vir hulle gesê: "Ons het ons Judese volksgenote wat aan heidene verkoop was, teruggekoop sover dit vir ons moontlik was. Nou verkoop júlle julle volksgenote, en moet ons hulle ook uiteindelik terugkoop!" Die manne het stilgebly; ek kon nie 'n woord uit hulle kry nie. 9 Toe sê ek verder: "Dit is nie 'n goeie ding wat julle besig is om te doen nie. Julle moet tog eerbied vir ons God hê in julle optrede en nie ons vyande, die heidene, minagting vir ons laat kry nie! 10 Ek, my medeamptenare en my helpers moes ook aan dié mense geld en koring leen. Maar laat ons tog die uitbuiting staak. 11 Gee vandag nog hulle lande, wingerde, olyfboorde en huise vir hulle terug en skeld hulle ook nog een persent kwyt van die geld, die koring, die wyn en die olie wat julle aan hulle geleen het." 12 Hulle het gesê: "Ons sal dit teruggee en niks meer van hulle eis nie. Ons sal maak soos u gesê het." Ek het toe die priesters geroep en die burgers en amptenare onder eed laat onderneem om hiervolgens te handel. 13 Self het ek my sakke uitgeskud en gesê: "Mag God elkeen wat nie woord hou nie, so uit sy huis en sy besittings uitskud, dat hy net so kaal uitgeskud en leeg is." Die hele vergadering het gesê: "Amen!" en hulle het die Here geprys. Die mense het toe gedoen wat ek gevra het.

*Jesaja 1:17*

Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Jesaja 1:17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Jesaja 1:17*

*Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.*

**OORDENKING**

Toe Nehemia hoor van die uitbuiting onder sy mense was hy baie kwaad. Nogtans het hy nie uit woede gereageer of opgetree nie maar lank nagedink hoe hy die probleem moet aanspreek en oplos. Ons sien dit dikwels by Nehemia. Wanneer hy nuwe inligting omtrent die lot van sy mense ontvang het, het hy tyd gemaak om te bid, te oorweeg, te beplan en met wysheid op te tree.

Nehemia het die onreg wat sy mense sy mense aandoen, erken. Wat hulle gedoen het, was verkeerd, lynreg in stryd met die opdragte wat God aan hulle gegee het. Nie net was hulle optrede strydig met wat God in die wet (kyk Deuteronomium 23:19–20) beveel het nie, maar dit het God se volk benadeel en die bouwerk in die wiele gery.

As leier van die volk het Nemehia hulle aangesê om hulle te bekeer. Nehemia het die mense wat uitgebuit is en hulp nodig gehad het, verdedig. Hy het oortreders vermaan om van hulle sonde af te sien en hulle mede-Jode te help. Die volk het geluister en hulle het waarmee hulle besig was, laat staan. Hulle het Nehemia se leierskap gevolg en geleer om die volk van God te verdedig.

Voordat God sy volk in ballingskap laat gaan het, het Hy spesifieke opdragte vir hulle gegee oor hoe hulle as sy volk moes leef, en wat hulle moes doen om na Hom terug te keer. Hoewel Nehemia veel later geleef het, het hy hierdie opdragte gehoorsaam. Hy het geleer wat reg was, geregtigheid onder die Jode bevorder, en vir die verdruktes rede gegee om bly te wees. Hy het die saak opgeneem en die regte van die weerloses en diegene wat geen regte gehad het nie, verdedig.

Nehemia se durf het 'n einde gemaak aan die verdrukking van God se volk. Ons het dalk nie soveel mag en outoriteit as wat Nehemia gehad het nie, en sal derhalwe miskien nie dieselfde resultaat behaal wanneer ons vir geregtigheid opstaan nie. Maar wanneer ons vir die verontregtes veg, maak ons 'n verskil vir hulle. Ons kan nie sisteme of kulture van verdrukking en onreg oornag verander nie, maar, soos Nehemia, kan ons doen wat reg is, geregtigheid bevorder en vir die verdruktes rede gee om fees te vier.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Watter soort teenstand teen die bevordering van die evangelie het jy al gesien of ervaar?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

2. *Watter soort teenstand het jy al in jou eie lewe en geloof ervaar? Watter struikelblokke het jy teëgekom vir die werk wat God jou gegee het om te doen?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

3. *Hoe berei jy jouself voor en bly jy waaksaam vir die aanvalle van die vyand in jou lewe?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

4. *Hoe kan jy vrygewig en genadig wees met die gawes wat God vir jou gegee het?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

5. *Hoe reageer jy wanneer jy onreg sien? Hoe moedig Nehemia se optrede jou aan om teen onreg op te staan?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*Ek stuur toe boodskappers na hulle toe en sê: "Ek is besig met 'n groot werk. Ek kan nie kom nie. Hoekom moet die werk stilstaan terwyl ek dit laat lê om na julle toe te kom?"*

*Nehemia 6:3*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Nehemia is nie afgeskrik deur die pogings wat sy vyande aangewend het om sy aandag af te lei en hom te diskrediteer nie. Wat kan jy doen om gefokus te bly op die werk wat God jou gegee het? Neem hierdie week tyd om God se Woord oop te maak en Hom te vra vir spesifieke leiding. Om sy Woord te ken is die enigste manier hoe ons seker kan wees dat dít wat ons gevra word om te doen, van Hom is.*

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Nehemia 5:14-19*

Van die dag af dat ek aangestel is as goewerneur in Juda, van die twintigste jaar af tot die twee en dertigste jaar van koning Artasasta, twaalf jaar lank, het ek en my medeamptenare nie aanspraak gemaak op die goewerneurstoelae nie. 15 Die vroeëre goewerneurs, almal voor my, het swaar eise aan die volk gestel. Hulle het behalwe brood en wyn elke dag ook nog vier honderd en sestig gram silwer geëis. Hulle amptenare het ook baas gespeel oor die volk. Ek het nie so gemaak nie, uit eerbied vir God. 16 Ek het my volle gewig ingegooi by die werk aan hierdie muur, ek het nie lande gekoop nie, en al my helpers was hier by die werk saamgetrek. 17 Honderd en vyftig man van die Judeërs en die amptenare en boonop die mense wat van die heidennasies rondom ons na ons toe gekom het, het aan my tafel geëet. 18 Daar moes elke dag 'n bees, ses slagskape en 'n klomp voëls vir my gaargemaak word, en om die tien dae moes daar 'n groot hoeveelheid wyn vir die menigte kom. Nogtans het ek nie die goewerneurstoelae geëis nie, want die werk was alreeds 'n swaar las op hierdie volk. 19 Onthou tog, my God, tot my voordeel, alles wat ek vir hierdie volk gedoen het!

*Lukas 16:10-13*

"Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. 11 As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou? 12As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit? 13 "Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie."

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *Lukas 16:10*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*Lukas 16:10*

*Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.*

**OORDENKING**

Nehemia hoofstuk 5 gee aan ons insig in die manier waarop Nehemia die mense van Juda gelei het. Voordat hy na Jerusalem gekom het, het hy ‘n prominente pos in Persië beklee as die koning se skinker. Om hierdie posisie te kon bereik, sou hy groot ambisie en sorg in sy werk moes toon, sowel as vriendelikheid en wysheid in sy interaksie met ander hê. Ons leer ook dat Nehemia versigtig en strategies was en tyd geneem het om wysheid te soek en planne te maak voordat hy opgetree het.

Nehemia was twaalf jaar lank goewerneur van Juda. Hy het egter nie die patroon van die vorige leiers gevolg nie. In plaas daarvan om oneerlike praktyke tot sy voordeel te beoefen, het Nehemia die welsyn van die mense gesoek. Hy het nie die voordele of byvoordele van die pos as goewerneur nodig gehad nie, want hy het geweet dat enige seën wat God hom sou gee, baie groter sou wees as wat hy op aarde kon vind. Tog, al het hy die voordele van sy posisie geweier, was Nehemia steeds ongelooflik welaf. Hy het erken dat sy rykdom van God was en hy was ywerig en vrygewig daarmee.

Nehemia het getrouheid getoon in al die posisies wat God hom gegee het. Toe hy in beheer van ‘n paar dinge was, het hy getrouheid, integriteit en wysheid geopenbaar. God het hom geseën en aangehou om hom sukses te gee vanweë sy getrouheid. Toe hy goewerneur van Juda geword het, het Nehemia aangehou om getrou te wees —’n eienskap wat hy sy hele lewe lank beoefen het.

God maak ons dalk nie goewerneurs nie, maar Hy het aan elkeen van ons plekke van diens aangewys. Mag ons getrou wees met wat Hy vir ons gegee het, selfs al lyk dit klein. Dit kan soms moeilik wees, veral wanneer ons ambisieuse aard smag na die belangriker rolle van posisie, eer en invloed. Mag ons die woorde van ons genadige Here Jesus onthou wat sê dat God selfs die klein dade van getrouheid, wat niemand anders mag raaksien nie, sien en behae daarin het. Mag ons dien presies waar God ons geplaas het, saam met die mense wat Hy rondom ons geplaas het. Of Hy beplan om ons hier te hou, óf om ons te gebruik op maniere ver bo wat ons onsself op die oomblik kan voorstel, kom ons bly getrou, maak nie saak wat nie.

**LEES**

*Week 3 • Dinsdag*

*Nehemia 6:1-9*

Sanballat, Tobija, die Arabier Gesem en die res van ons vyande het berig gekry dat ek die muur klaar gebou het en dat dit nêrens meer vervalle was nie. In dié stadium was die poortdeure egter nog nie gehang nie. 2 Sanballat en Gesem laat my toe weet: “Kan ons mekaar in Kefirim, in die Onolaagte, ontmoet?” Hulle plan was om my by te kom. 3 Ek stuur toe boodskappers na hulle toe en sê: “Ek is besig met ‘n groot werk. Ek kan nie kom nie. Hoekom moet die werk stilstaan terwyl ek dit laat lê om na julle toe te kom?” 4 Hulle het dieselfde boodskap vier keer gestuur, en elke keer het ek dieselfde antwoord teruggestuur. 5 Die vyfde keer stuur Sanballat toe ‘n amptenaar na my toe met dieselfde boodskap, maar ook met ‘n brief wat nie verseël was nie. 6 Daarin was geskrywe: “Onder die nasies word ‘n gerug versprei, en Gesem bevestig dit, dat jy en die Judeërs ‘n opstand beplan. Daarom bou jy die muur. Volgens die gerug wil jy koning word oor hulle, 7 en jy het ook al profete aangestel om jou in Jerusalem tot koning oor Juda uit te roep. Die gerug wil dat die koning van Persië hiervan te hore sal kom. Kom nou, kom ons praat.” 8 Ek het hom terug laat weet: “Niks van wat jy sê, is waar nie. Jy suig dit uit jou duim.” 9 Hulle het almal geprobeer om ons die skrik op die lyf te ja, met die gedagte: Hulle sal die werk laat staan en dit sal nie klaarkom nie. Sterk tog my hande, o God!

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Nehemia 6:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Nehemia 6:3*

*Ek stuur toe boodskappers na hulle toe en sê: "Ek is besig met 'n groot werk. Ek kan nie kom nie. Hoekom moet die werk stilstaan terwyl ek dit laat lê om na julle toe te kom?"*

**OORDENKING**

Die herbou van Jerusalem se muur het nie oornag gebeur nie. Die mense het aangehou werk, selfs al het hulle dreigemente van hul vyande ontvang. Toe baie vordering met die muur gemaak is, alhoewel daar nog baie oor was om te doen, het die vyande van die Jode gepoog om Nehemia leed aan te doen en die werk van herbou te staak.

Nehemia het die planne van sy vyande herken, maar hy het geweier om met hulle te kommunikeer. In plaas daarvan om hulle terug te tart, in plaas daarvan om vir hulle te sê hy weet wat hulle beplan, en in plaas daarvan om in hul strik te trap, het Nehemia gefokus op die taak waarmee hulle besig was. Hy het geweier om die belangrike werk waarmee hy mee besig was, te stop, selfs al was dit om sy vyande te keer.

God het vir Nehemia 'n belangrike werk gegee. Die werk was nie belangrik deurdat die muur 'n groot, prominente stad sou beskerm nie. Die herboupogings is nie gedoen om Jerusalem vir geveg voor te berei of om hul plaaslike vyande te verslaan nie. Die werk wat Nehemia gedoen het, was belangrik, want dit was om God te eer. Die herbou van die muur is gedoen as 'n daad van aanbidding om God se naam in die land te handhaaf en te eer. Nehemia het geweet dat wat hy doen vir God en God se volk was, en dit het die taak belangrik gemaak.

Watter belangrike werk het God jou gegee om te doen? Dit lyk dalk nie vir enigiemand anders belangrik of die moeite werd nie, maar as jy werk om God se koninkryk te bevorder, om Hom te eer en te verheerlik, of om God se mense te dien en toe te rus, het jy ook 'n belangrike opdrag gekry. Soos Nehemia, moet ons standvastig bly wanneer dinge moeililik lyk. Maak nie saak of aanvalle kom nie, maak nie saak hoe dreigend dit lyk nie, ons moet getrou en toegewyd bly, nie afgelei of afgeskrik word deur wat ookal ons dalk probeer keer nie.

God het vir ons almal 'n belangrike werk gegee: om dissipels van alle nasies te maak. Watter rol Hy jou ook al in hierdie taak gegee het, bly betrokke, bly getrou en bly gefokus. Moenie dat die vyand jou aandag aftrek nie. Jy is besig met belangrike werk, werk wat jou tyd, moeite en hulpbronne werd is. Kom ons hou aan met hierdie belangrike taak totdat dit klaar is.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*Nehemia 6:10-14*

Ek het by Semaja seun van Delaja, seun van Mehetabel, gekom waar hy homself
in sy huis toegesluit het. Hy het vir my gesê: “Kom ons ontmoet mekaar in die
huis van God, binne-in die tempel, en laat ons dan die deure van die tempel sluit,
want daar kom mense om jou dood te maak, hulle kom vannag om jou dood te
maak.” 11 Ek het gesê: “Sal ‘n man soos ek vlug, iemand soos ek tempel toe gaan
om te kan bly lewe? Ek sal nie gaan nie!” 12 Ek het toe geweet dat God hom nie
gestuur het nie, maar dat hy dié voorspelling teen my gemaak het omdat Tobija
en Sanballat hom omgekoop het. 13 Hy is omgekoop om my bang te maak sodat
ek ‘n misstap sou begaan en hulle die geleentheid gee om my te beskinder en my
naam sleg te maak. 14 My God, onthou wat Tobija en Sanballat gedoen het, en
ook die profetes Noadja en die ander profete wat my wou bang maak.

*Psalm 119:9-16*

Hoe kan ‘n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! 10 Ek
wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie
nie. 11 Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U. 12 Aan U
kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte. 13 Al u bepalings wil ek een vir een
opnoem. 14 Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die
rykdom van die wêreld. 15 U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U
aanwys. 16 Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie.

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP /** *Psalm 119:10–11*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*Psalm 119:10–11*

*Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.*

**OORDENKING**

Die vyande van die Jode het voortgegaan met hul pogings om die herbou van die tempel te keer. Hulle het 'n profeet van God, 'n man met die naam Semaja, betaal om vir Nehemia valse opdragte te gee. Semaja het vir Nehemia gesê om te hardloop en in die tempel van God weg te kruip, want sy lewe is in gevaar. Hy het Nehemia probeer skrikmaak om hom te diskrediteer en die werk van herbou stop te sit.

Maar Nehemia het God se Woord geken. Toe God vir Israel die wet gegee het, het Hy hulle spesifieke instruksies gegee oor hoe die tempel hanteer moes word, want dit was die plek waar God se heilige teenwoordigheid sou wees. Slegs 'n priester kon die Allerheiligste binnegaan, en eers nadat hy ritueel gesuiwer is. Vir Nehemia om die tempel binne te gaan sonder om 'n priester te wees en sonder om homself behoorlik voor te berei, was 'n direkte oortreding van God se wet. Nie net dit nie, maar as gevolg van God se heiligheid, het om op hierdie manier God se teenwoordigheid te betree, beteken dat Nehemia sou sterf.

Nehemia het dadelik sy vyand se pogings herken om hom te diskrediteer en dood te maak. Omdat hy God se wet geken het, kon hy die misleiding herken. Toe Semaja vir Nehemia aangeraai het om iets te doen wat 'n direkte oortreding van God se wet was, het Nehemia geweet dat dit nie God was wat praat nie, maar sy vyande. Nehemia het nie nodig gehad om vir 'n teken of bevestiging te wag of die instruksies van Semaja van God was of nie, want hy het God se Woord geken.

As ons ooit raad ontvang wat God se opdragte weerspreek, mag ons nie daardie opdrag volg nie, maak nie saak hoe goed dit mag lyk nie. God sal nooit vir ons instruksies gee wat sy Woord skend nie. Maar vir ons om te weet of die raad wat ons ontvang van God is of nie, moet ons sy Woord ken. Ons moet God se Woord in ons harte bewaar en dit memoriseer, sodat ons gereed sal wees wanneer die toets kom.

## LEES

*Week 3 • Donderdag*

*Nehemia 6:15-19*

Die muur is voltooi op die vyf en twintigste van die maand Elul, binne twee en
vyftig dae. 16 Toe al ons vyande dit hoor, en die nasies rondom ons dit sien, was
hulle selfversekerdheid daarmee heen. Hulle het toe geweet ons doen hierdie
werk met die hulp van ons God. 17 In daardie selfde tyd het daar baie briewe
van vooraanstaande Judese burgers na Tobija toe gegaan en briewe van hom af na
hulle toe gekom. 18 Baie Judeërs het noue bande met hom gehad, want hy was
die skoonseun van Sekanja seun van Arag, en sy seun Joganan was getroud met
'n dogter van Mesullam seun van Berekja. 19 Hulle het gedurig voor my gepraat
van Tobija se goeie hoedanighede, en alles wat ek gesê het, aan hom oorgedra.
Dan het hy briewe gestuur en my probeer bang praat.

*Job 42:2*

"Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit.

*Psalm 37:22-24*

22 Dié wat deur die Here geseën word, sal die land besit; maar dié wat deur Hom
vervloek is, sal uitgeroei word. 23 Die Here bepaal die koers van die mens met
wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom. 24 As so iemand val, bly hy nie
lê nie, want die Here help hom op.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP** / *Job 42:2*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Job 42:2*

*"Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit."*

**OORDENKING**

God was met Nehemia. Die muur van Jerusalem is in net twee-en-vyftig dae herbou. Dit is 'n ongelooflike vinnige tydlyn vir so 'n konstruksieprojek, selfs nou! Selfs met al die opposisie, selfs met al die pogings om die werk te stop en Nehemia te keer, het die mense van Juda daarin geslaag om die muur te herbou, want God was met hulle.

Nehemia het met durf verkondig, "hulle het geweet ons doen hierdie werk met die hulp van ons God" (Nehemia 6:16). Hy het deur die hele projek God se hand in hulle werk gesien en daarvan getuig. Hy het vir die mense gesê dat God sy goeie hand oor hom gehou het (Nehemia 2:8), hy het geweet God het dit op sy hart gelê om die muur te herbou (Nehemia 2:12), hy was vol vertroue dat God hulle werk sou laat slaag (Nehemia 2:20), dit was duidelik dat God die planne van die vyand verydel het (Nehemia 4:15), en hy het vertrou dat God vir hulle sou veg (Nehemia 4:20). Die herbouing van die muur van Jerusalem is slegs deur die hulp van God voltooi.

God gee ons dikwels 'n roeping wat net Hy kan volbring. As ons dink ons moet dit op ons eie en in ons krag doen, kan ons in die versoeking kom om tou op te gooi as die take te moeilik word. Maar wanneer ons weet dat die werk onmoontlik is sonder God se hulp, word ons gedwing om Hom van die begin af te vertrou. En wanneer ons toelaat dat God werk, wanneer ons Hom vertrou om deur ons te werk en vir ons te veg, sal ons sien hoe Hy meer bereik as wat ons ooit gedink het moontlik was.

Net God kan berge versit. Net God kan harte verander. Slegs God kan enige omstandigheid omkeer en ten volle verlos en herstel. Ons vyand sal nie maklik tou opgooi nie, maar ons het God aan ons kant en sy doel kan nie gestuit word nie. Wat het God op jou hart geplaas wat te groot lyk om te bereik? Wees verseker dat God meer as in staat is om dit te doen wat onmoontlik lyk. Vra Hom daarvoor en vertrou Hom om jou vooruit te gaan en in moeilike situasies namens jou te werk.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Nehemia 7:1-73*

Toe die muur voltooi is, het ek die deure gehang en poortwagte, sangers
en Leviete aangestel. 2 Ek het Ganani, my ampsgenoot, en Gananja, die
bevelhebber van die vesting, in bevel van Jerusalem geplaas. Gananja was 'n
betroubare man wat eerbied vir God gehad het, meer as baie ander. 3 Ek het
hulle beveel: "Moenie die poorte van Jerusalem oopmaak voor die son warm
is nie en maak die deure weer toe en grendel hulle terwyl die poortwagte
nog op hulle pos is. Stel ook wagte aan uit die inwoners van Jerusalem,
party op die wagposte en party voor hulle huise." 4 Die stad was uitgestrek
en groot, met min mense daarin, en daar was nog nie genoeg huise gebou
nie. 5 My God het my die besluit laat neem om die vooraanstaande burgers,
die amptenare en die ander mense te laat bymekaarkom vir opname in die
familieregister. Ek het die register van dié wat eerste teruggekom het, in die
hande gekry, en daarin die volgende opgeskryf gevind: 6 "Hier volg 'n opgawe
van die mense uit die provinsie Juda wat uit die ballingskap teruggekom
het na Jerusalem en Juda toe, elkeen na sy eie stad toe. Hulle is weggevoer
deur koning Nebukadnesar van Babel, 7 en hulle het teruggekom saam met
Serubbabel, Josua, Nehemia, Asarja, Raämja, Nagamani, Mordegai, Bilsan,
Mispar, Bigwai, Regum en Baäna. Die getalle van die mense van die volk
Israel: "Ingedeel volgens families: 8 Paros 2 172, 9 Sefatja 372, 10 Arag
652, 11 Pagat-Moab, uit die families van Josua en Joab, 2 818, 12 Elam 1
254, 13 Sattu 845, 14 Sakkai 760, 15 Bani 648, 16 Bebai 628, 17 Asgad
2 322, 18 Adonikam 667, 19 Bigwai 2 067, 20 Adin 655, 21 Ater, uit
die familie van Hiskia, 98, 22 Gasum 328, 23 Besai 324, 24 Garif 112.
"Ingedeel volgens plek van herkoms: 25 Gibeon 95, 26 Betlehem en Netofa
188, 27 Anatot 128, 28 Bet-Asmawet 42, 29 Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot
743, 30 Rama en Geba 621, 31 Mikmas 122, 32 Bet-El en Ai 123, 33 Nebo
52, 34 Elam 1254, 35 Garim 320, 36 Jerigo 345, 37 Lod, Gadid en Ono
721, 38 Senaä 3 930. 39 "Priesterfamilies: Jedaja, uit die huis van Jesua,
973, 40 Immer 1 052, 41 Pasgur 1 247, 42 Garim 1 017. 43"Levitiese
families: Jesua, uit die familie van Kadmiël, uit die Hodaujagroep, 74, 44
sangers uit die Asafgroep 148, 45 poortwagte uit die families van Sallum,
Ater, Talmon, Akkub, Gatita en Sobai 138. 46"Tempelslawe met hulle
families: Siga, Gasufa, Tabbaot, 47 Keros, Sia, Padon, 48 Lebana, Gagaba,
Salmai, 49 Ganan, Giddel, Gagar, 50 Reaja, Resin, Nekoda, 51 Gassam,
Ussa, Paseag, 52 Besai, Meünim, Nefusim, 53 Bakbuk, Gakufa, Gargur, 54
Baslut, Megida, Garsa, 55 Barkos, Sisera, Temag, 56 Nesiag en Gatifa.
57 "Nakomelinge van die dienaars van Salomo, met hulle families: Sotai,

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

Soferet, Peruda, 58 Jala, Darkon, Giddel, 59 Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim
en Amon. 60 Al die tempelslawe en die nakomelinge van die amptenare van
Salomo was saam 392. 61 Uit Tel-Melag, Tel-Garsa, Kerub-Addan en Immer
het mense teruggekom wat nie uit hulle familieverband en afstamming kon
aantoon dat hulle deel van Israel is nie. 62 Dit was die families van Delaja,
Tobija en Nekoda, altesaam 642 mense. 63 Van die priesterfamilies was daar
ook nog dié van Gabaja, Kos en Barsillai, dié Barsillai wat getroud is met
'n dogter van die Gileadiet Barsillai en toe na hom vernoem is. 64 Hierdie
families het probeer vasstel of hulle in die registers opgeneem is, maar daar kon
niks gevind word nie, en hulle is uit die priesterskap onthef. 65 Die amptenaar
wat met dié saak belas was, het beslis dat hulle nie van die gewyde gawes
mag eet voordat 'n priester uitsluitsel gegee het met die urim en die tummim
nie. 66 "Die hele groep was in totaal 42 360, 67 afgesien van hulle slawe en
slavinne; dié was 7 337. Dan was daar ook nog 245 sangers en sangeresse, 69
asook 435 kamele en 6 720 donkies." 70 Party familiehoofde het bydraes gegee
vir die werk. Die goewerneur het vir die fonds ag en 'n half kilogram goud,
vyftig komme en vyf honderd en dertig stelle priesterklere gegee. 71Van die
familiehoofde het vir die werkfonds honderd ag en sestig kilogram goud en een
en 'n kwart ton silwer bygedra. 72 Die res van die mense het honderd ag en
sestig kilogram goud, meer as 'n ton silwer en sewe en sestig stelle priesterklere
gegee. 73 Die priesters, die Leviete, die poortwagte, die sangers, 'n deel van
die volk, en die tempelslawe het hulle gevestig in die stede waar hulle vandaan
gekom het. Dit het die hele Israel gedoen.

*Handelinge 2:42-47*

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge
verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. 43 Die apostels het
baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al
die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle
grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se
behoefte. 46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom,
van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en
in alle eenvoud geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind.
En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Handelinge 2:46–47*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

## SOAP:

*Handelinge 2:46–47*

*Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.*

## OORDENKING

Toe die muur klaar was, het Nehemia gekies watter Jode in Jerusalem sou woon. Dit was ‘n sorgvuldige keuringsproses want net diegene wat hulle geslagslyn kon bewys, is toegelaat om in die stad te bly. Hoewel dit dalk eksklusief en ‘n bietjie ongevoelig mag voorkom, was die doel daarmee dieselfde as met die herbou van die muur.

Jerusalem se muur is herbou om die tempel en die stad van God te bewaar, die stad wat Hy vir sy volk gekies en afgesonder het en waar sy teenwoordigheid in die tempel sou woon. Die herbou van die mure het die tempel teen aanvalle beskerm en die mense herinner hoe God hulle as sy uitverkore volk afgesonder het. Deur seker te maak dat diegene wat in Jerusalem gebly het afstammelinge van God se uitverkore volk is, het hulle die suiwerheid van God se volk beskerm en die beloftes wat God gemaak het om sy volk te verlos, gehandhaaf.

Teen die tyd dat die tempel herbou is, het God nog nie die Messias gestuur nie. Hierdie beloofde Messias sou in Betlehem gebore word en ‘n afstammeling van Dawid, uit die stam van Juda wees. Dit was van kardinale belang dat God se volk hulle erfenis moes bewaar aangesien die Messias nog nie gekom het nie. Hulle het noukeurig rekords gehou, rekords wat eendag sou bewys dat Jesus Christus ‘n direkte afstammeling van Dawid en die beloofde Messiaanse Koning is.

Ons het vandag ‘n ander rede waarom ons God se volk moet bewaar en beskerm. Ons hoef nie ‘n bepaalde ras of nasionaliteit te bewaar nie, maar as gelowiges in Christus moet ons die kerk beskerm omdat dit die liggaam van Christus is. Die vroeë kerk is vir ons ‘n voorbeeld van hoe ons God se volk kan bewaar en beskerm. Hierdie gelowiges het vir mekaar omgegee deur hulle besittings te deel. Hulle het hulle vir eenheid en gemeenskap beywer en was meer op mekaar ingestel as op status en besittings. Hulle het bymekaargekom en God geprys en as een liggaam gegroei en vermeerder.

Wanneer ons deesdae die volk van God bewaak en beskerm, doen ons dit nie om ongelowiges uit te sluit nie, maar om vir die wêreld te wys wat dit beteken om in Jesus te glo. Wanneer die liggaam van Christus leef soos wat God dit bestem het—in eenheid en gemeenskap, en mekaar bemoedig, aanspoor en ophef—sal baie meer mense in hierdie liefdevolle gemeenskap ingetrek word.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Nehemia was getrou in klein dingetjies, daarom het God aangehou om hom meer verantwoordelikheid oor sy mense te gee. Hoe belangrik is die taak wat aan jou gegee is? Hoe kan jy getrou wees, ongeag hoe onbelangrik dit op die oomblik vir jou mag voel?*

..........

..........

..........

2. *Watter soort fokus en vasberadenheid is van Nehemia vereis om so te reageer op sy vyande (Sien Nehemia 6:3)? Hoe kan jy dieselfde fokus hê in jou werk vir die koninkryk?*

..........

..........

..........

3. *Wanneer jy raad of onderrig ontvang, hoe kan jy seker maak dat dit met God se Woord ooreenstem?*

..........

..........

..........

4. *Wat het God op jou hart geplaas wat te groot lyk om te bereik? Wat kan jy vandag doen om getrou te wees in die belangrike werk wat Hy vir jou gegee het?*

..........

..........

..........

5. *Waarom is dit belangrik om die liggaam van Christus te bewaar? Hoe kan jy dit doen sonder om eksklusief te wees of ongelowiges weg te hou?*

..........

..........

..........

*Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtighed.*

*1 Johannes 1:9*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week begin ons om te bestudeer hoe die mense hul harte en aanbidding van God vernuwe het. Neem tyd om na te dink oor die toestand van jou hart. Is daar enige sonde wat jy moet bely en van wegdraai? Is daar 'n patroon of gewoonte wat jou aandag aflei om tyd saam met God deur te bring? Het jy jou skedule te veel oorlaai? Vra God om te openbaar hoe jy kan groei in jou verhouding met Hom.*

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*Nehemia 8:1-12*

Toe die sewende maand aanbreek, was die Israeliete dus oral in die stede. 2 Die hele volk het soos een man bymekaargekom op die plein voor die Waterpoort en vir Esra die skrifgeleerde gevra om die wetboek van Moses waarin die bevele van die Here aan Israel opgeteken is, te bring. 3 Die priester Esra het toe die wet voor die gemeente gebring, man en vrou, elkeen wat kon verstaan. Dit was op die eerste dag van die sewende maand. 4 Hy het daaruit voorgelees op die plein voor die Waterpoort van ligdag af tot die middel van die dag ten aanhore van mans, vrouens en elkeen wat kon verstaan. Die aandag van die hele gemeente was by die wetboek. 5Esra die skrifgeleerde het op 'n houtverhoog gestaan wat vir dié doel gemaak was; regs langs hom het Mattitja, Sema, Anaja, Urija, Gilkija en Maäseja gestaan, en links van hom Pedaja, Misael, Malkija, Gasum, Gasbaddana, Sagaria en Mesullam. 6 Esra het hoër gestaan as die hele gemeente en het die boek voor almal se oë oopgemaak. Toe hy dit oopmaak, het die hele gemeente opgestaan. 7 Esra het die Here, die grote God, geprys en die hele gemeente het met die hande omhoog geantwoord: "Amen, amen." Toe kniel hulle en buig diep voor die Here. 8 Die Leviete Jesua, Bani, Serebja, Jamin, Akkub, Sabbetai, Hodija, Maäseja, Kelita, Asarja, Josabad, Ganan en Pelaja het die wet aan die gemeente verduidelik terwyl die volk daar staan. 9 Die Leviete het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat gelees word. 10 Nehemia die goewerneur, die skrifgeleerde priester Esra en die Leviete wat die gemeente onderrig het, het vir die hele gemeente gesê: "Hierdie dag word gewy aan die Here julle God. Moenie treurig wees nie, moenie huil nie." Dit was omdat die hele gemeente gehuil het by die aanhoor van die wet. 11 Nehemia het verder gesê: "Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan dié wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm." 12 Die Leviete het al die mense gekalmeer met die woorde: "Wees rustig. Dit is 'n gewyde dag, moenie bedroef wees nie."

*Romeine 8:1-2*

Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. 2 Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.

*Hebreërs 4:12*

Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Romeine 8:1–2*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*Romeine 8:1–2*

*Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en dood.*

**OORDENKING**

Ons het die halfpadmerk in ons studie en ‘n oorgang in die Boek Nehemia bereik. Die eerste sewe hoofstukke het gefokus op die gebeure rondom die herbou van die muur van Jerusalem. Die res van die boek fokus op die heropbou van die volk, hoe hulle hul harte na God teruggedraai en weer ware aanbidding in die tempel ingestel het.

Nemehia het die wet vir die volk gelees, en die skrifgeleerdes en Leviete het die mense uit die wet onderrig. Hulle het tyd geneem om dit uit te lê en die betekenis weer te gee. Hulle het seker gemaak dat mense wat teenwoordig was, die betekenis van die Woord van God en die karakter van die God wat dit gegee het, kon verstaan en begryp.

Toe die mense die wet hoor, het hulle begin huil. Hulle het erken dat hulle versuim het om God se wet te onderhou en hul geween het hul berouvolle harte getoon. In die lig van God se heiligheid was dit die gepaste reaksie op hulle sonde. Toe het die leiers die mense gekalmeer en getroos en vir hulle gesê om nie hartseer te wees nie. In plaas van huil, moes hulle feesvier en verheug wees oor God se barmhartigheid en genade.

Die Woord van God is kragtig en effektief, en dit het die mense se harte verander. Hulle het berou gehad, maar hulle het nie nodig gehad om in hulle skuld vasgevang te bly nie en ons ook nie. God het ons die gawe van verlossing gegee. Hy het sy Seun gestuur om die wet waarteen ons in opstand gekom het, volmaak te onderhou. God se regverdige wet maak ons bewus van ons sondes. Dit is nodig om ons na Christus, ons Verlosser, te dryf. Sodra ons ons sondes eerlik aan Hom bely het, sal Hy ons volkome vergewe, en ons moet nie aanhou skuldig en veroordeel te voel nie.

Wat is jou reaksie wanneer jy die Woord van God lees? Voel jy skuldig en skaam, of kan jy sy genade en vergifnis met vreugde aanvaar? God se Woord wys sy ongelooflike, oneindige liefde vir ons. Dit is nie genoeg om net na binne te kyk en hartseer oor ons sondes te wees nie. God wil hê ons moet daagliks sy genade ontvang. Kyk vandag weg van jou sondes en mislukkings na Jesus, jou genadige Verlosser. Wees verheug oor die vryheid en genade wat God jou deur Hom bied. Wanneer ons sy gawe van verlossing aanvaar deur ons geloof in Jesus te plaas, sal ons weet wat dit beteken om die blydskap van die Here as ons krag te hê.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*Nehemia 8:13-18*

Die hele gemeente het toe gaan eet, lekkernye uitgedeel en groot feesgevier. Hulle het goed begryp wat vir hulle gesê is. 14 Die volgende dag het die familiehoofde van die hele gemeente en die priesters en Leviete by Esra die skrifgeleerde bymekaargekom om die inhoud van die wet te bestudeer. 15 Hulle vind toe in die wet geskrywe dat die Here deur Moses opdrag gegee het dat die Israeliete in hutte moet woon vir die duur van die fees in die sewende maand, 16 en dat hulle die oproep moet maak en dit in al die stede en in Jerusalem moet laat afkondig: "Gaan na die berge toe en bring olyftakke, olientakke, mirtetakke, palmtakke, takke met digte blare om hutte te maak soos dit voorgeskryf is." 17 Die mense het die takke gaan haal, en elkeen het vir hom 'n hut gebou, op die dak van sy huis of in sy binneplaas of in die voorhof van die tempel of op die plein by die Waterpoort of op die plein by die Efraimspoort. 18 Die hele gemeente, die mense wat uit die ballingskap teruggekom het, het hutte gebou en daarin gaan woon. So het die Israeliete dit nie gedoen van die tyd van Josua seun van Nun af tot dié dag toe nie. Daar was baie groot vreugde.

*Levitikus 23:33-43*

33 Die Here het vir Moses gesê: 34 "Sê vir die Israeliete: Van die vyftiende van die sewende maand af moet julle sewe dae lank die huttefees vier tot eer van die Here. 35 Op die eerste dag van die fees moet julle 'n gewyde byeenkoms hou. Niemand mag dan werk nie. 36 Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Op die agste dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou en offers aan die Here bring. Dit moet 'n besondere feesdag wees. Niemand mag dan werk nie. 37 "Dit is die feestye wat deur die Here bepaal is, die tye waarop julle gewyde byeenkomste moet hou om offers aan die Here te bring: brandoffers en graanoffers, maaltydoffers en drankoffers soos vir elke feesdag voorgeskryf. 38 Daarnaas is daar nog die gewone sabbatte van die Here, die gewone geskenke aan die heiligdom en al die offers wat julle bring om geloftes na te kom of wat julle vrywillig aan die Here gee. 39 "Julle moet dus op die vyftiende van die sewende maand wanneer julle die vrugteoes insamel, sewe dae lank die fees van die Here vier. Die eerste en die agste dag moet rusdae wees. 40 Op die eerste dag moet julle sitrusvrugte neem saam met palmblare en takke van digte bome en rivierwilgers, en dan moet julle sewe dae lank met vreugde feesvier by die heiligdom van die Here julle God. 41 Julle moet hierdie fees van die Here elke jaar sewe dae lank vier. Dit moet 'n vaste instelling wees vir julle nageslag. Julle moet dit in die sewende maand vier. 42 Sewe dae lank moet julle in hutte woon, alle gebore Israeliete moet dan in hutte woon. 43 Die doel daarmee is dat julle nageslag moet weet dat Ek die Israeliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die Here julle God."

## **LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

*Deuteronomium 8:1-11*

"Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee, gehoorsaam en daarvolgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem soos die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het. 2 "Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie. 3 Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom. 4 Jou klere het in die veertig jaar nie verslyt nie, en jou voete het nie geswel nie. 5 Jy moet diep in jou hart weet: soos 'n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer. 6 "Jy moet die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen. Jy moet Hom dien, 7 want Hy sal jou in 'n goeie land bring: 'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in valleie en berge ontspring, 8 'n land met koring en gars, wingerde, vyebome en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning, 9 'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks sal kortkom nie, 'n land waarin daar volop yster in die klippe is en waar jy kan koper delf in die berge. 10 "Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het. 11 Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan sy gebooie en bepalings en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie.

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Deuteronomium 8:11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Deuteronomium 8:11*

*Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan sy gebooie en bepalings en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie.*

**OORDENKING**

Toe God die Israeliete uit slawerny in Egipte uitgelei het, het hulle vir veertig jaar lank in die woestyn gebly. Alhoewel hulle vir so lank in die woestyn gebly het as gevolg van hul ongehoorsaamheid, het God vir hulle voorsien en presies vir hulle gegee wat hulle nodig gehad het om te oorleef. Hulle het in tydelike skuilings gebly, wetende dat hul permanente woning op hul gewag het in die land wat God beloof het Hy aan hul sou gee.

Toe die Israeliete die Beloofde Land binnegaan het, het God hul beveel om ‘n Fees van Tydelike Skuilings, of die Huttefees, te vier. Dit moes ‘n week lange viering wees waartydens almal in (tydelike) hutte moes bly om te herdenk hoe God vir hul voorvaders in die woestyn voorsien het.

Maar, soos hulle hul rug op baie van God se voorskrifte gedraai het, het hulle hierdie fees al jare lank nie gevier nie. Toe Nehemia die wet gelees het, het die volk gaan stilstaan en fees gevier, ter herinnering aan wat God gedoen het. Terwyl hulle hul harte na God toe teruggedraai het, was een van die dinge wat hulle moes doen om God se gebooie te gehoorsaam en te vier hoe Hy sy volk in die verlede verlos het.

Wanneer ons dink aan die maniere waarop God aan ons getrou was, gee dit vir ons bemoediging vir die toekoms. God se getrouheid in die verlede is ‘n voorbeeld en ‘n belofte van sy getrouheid in die toekoms. Ons moet onthou wat Hy gedoen het, dit vier en toekomstige geslagte van sy getrouheid leer.

Om tradisies en vieringe in te stel om God se getrouheid te onthou, hoef nie rondom gevierde vakansiedae te geskied nie. Ons kan ons herinner aan hoe God ons deur seisoene van eensaamheid, finansiële swaarkry, gesondheidskomplikasies, of verbrokkelde verhoudings gebring het, deur dae te kenmerk wat ons onthou wat Hy gedoen het. As ons aan God se getrouheid dink, help dit ons om deur te druk en vas te hou aan al sy beloftes vir ons toekoms, met die sekerheid dat Hy al sy beloftes nakom.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Nehemia 9:1-4*

Op die vier en twintigste dag van dié maand het die Israeliete vir 'n vasdag bymekaargekom. Hulle het rouklere aangehad en daar was grond op hulle koppe. 2 Die nakomelinge van Israel het hulleself afgeskei van alle nie-Israeliete en toe hulle plekke ingeneem en belydenis gedoen van hulle sonde en van die oortredings van hulle voorvaders. 3 Hulle het op hulle plekke bly staan en het 'n kwart dag lank voorgelees uit die wetboek van die Here hulle God. Nog 'n kwart dag lank het hulle belydenis gedoen en voor die Here hulle God gebuig. 4 Die Leviete Jesua, Bani, Kadmiël, Sebanja, Bunni, Serebja, Bani en Kenani het op die verhoog gaan staan en die Here hulle God hard om hulp aangeroep.

*Levitikus 26:39-45*

"Dié van julle wat daarna nog oor is, sal in die lande van julle vyande wegkwyn onder die selfverwyt oor hulle sonde. Hulle sal ook wegkwyn onder die wroeging oor die sondes van hulle voorvaders. 40 Hulle sal húlle sonde en dié wat hulle voorvaders teen My begaan het, bely. Hulle sal erken dat hulle My teengestaan het, 41 dat Ek hulle ook teengestaan het en hulle na hulle vyande se land toe gevat het om te sien of hulle dan oor hulle ongehoorsaamheid berou sal kry en hulle skuld sal erken. 42 Wanneer hulle dit doen, sal Ek die beloftes wat Ek aan Jakob, aan Isak en aan Abraham gegee het, weer van krag maak. Ek sal my beloftes oor die land weer van krag maak. 43 Maar die land sal eers sonder sy mense verlate moet lê om die verlore rusjare in te haal. Húlle sal hulle skuld moet erken, dat hulle my bepalings verwerp het en my voorskrifte met minagting behandel het. 44 "En tog, al sou hulle ballinge word in die land van hulle vyande, sal Ek hulle nie so verwerp, so minag, dat hulle heeltemal sal verdwyn en dat my verbond met hulle tot niet sal gaan nie, want Ek is die Here hulle God. 45 Ek sal die belofte aan hulle voorouers wat Ek voor die oë van die nasies uit Egipte laat trek het, weer van krag maak, die belofte dat Ek hulle God sal wees. Ek is die Here."

*1 Johannes 1:9*

Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *1 Johannes 1:9*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*1 Johannes 1:9*

*Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.*

**OORDENKING**

Nehemia het die wet op die eerste dag van die sewende maand aan die volk voorgelees. Die volk was op daardie tydstip besig met voorbereidings om die Huttefees en Versoeningsdag te vier. Albei hierdie feeste was uiters belangrik om die wet te onderhou, en die volk het die voorskrifte gevolg wat God aan hul gegee het om dit behoorlik te vier en te onthou.

Toe hulle die wet die eerste keer hoor, het hulle bewus geword van hul sonde en die oortredings van hul voorvaders. Hulle het besef hoeveel die volk as ‘n geheel van God se wet afgedwaal het en hoe hulle gesamentlik teen Hom gesondig het. Die volk het egter eers veel later in die maand behoorlik berou getoon en hul sondes aangespreek.

Die volk het uiteindelik saamgekom en hul sonde betreur. Hulle het berou getoon, God aangeroep en Hom om vergifnis gevra. Hulle het Hom aanbid en berou getoon, nie net vir hul eie sondes nie, maar ook vir die sondes van hul voorvaders, vir nageslagte wat hul rug op God gedraai het. Hulle het bely hoe die volk God en sy weë verontagsaam het en het onderneem om tot Hom terug te keer.

In sy wet, beloof God om sy volk te vergewe en ten volle te herstel as hulle berouvol tot Hom terugkeer. Die volk het God se gebooie gehoorsaam en berou getoon vir hul sondes en die sondes van diegene voor hulle. Hulle het as ‘n nasie berou getoon en God se guns het na Jerusalem teruggekeer, net soos Hy belowe het.

As gelowiges in Christus het ons die voorreg om die Heilige Gees te hê wat in ons woon. Wanneer Hy ons bewus maak van ons sonde en ons is oortuig, moet ons gaan stilstaan en berou toon, God aanroep en Hom aanbid. Soos die inwoners van Jerusalem, moet ons nederig genoeg wees om ons sondes teenoor God te bely. Dit gaan nie werk om verskonings te maak nie – Hy weet van ons selfsugtige denke, kwetsende woorde en liefdelose dade. Hy is ‘n getroue God wat altyd beloof om ons te verlos en te herstel wanneer ons terugkeer na Hom toe. Ons moet ywerig wees om nie ons skuld by ons hemelse Vader te laat ophoop of agterstallig raak nie, en nie toe te laat dat enige sonde ons verhouding met Hom verduister nie; ons moet dit eerder bely sodra ons bewus word daarvan. En mag Hy ons help om maklik ons sonde teenoor ander te bely wanneer ons teen hul gesondig het.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Nehemia 9:5-37*

Daarna het die Leviete Jesua, Kadmiël, Bani, Gasabneja, Serebja, Hodija, Sebanja en
Petagja gesê: “Kom, prys die Here julle God! Hy is van ewigheid tot ewigheid.” Toe
het hulle u magtige Naam geprys, verhewe bo alle lof en roem. 6 Dit is U! U alleen
is Here! U het die hemel gemaak, die hoogste hemel en sy hele leërmag, die aarde en
alles daarop, die oseane en alles daarin. U laat hulle almal lewe; die hemelse leërmag
buig voor U. 7 U is die Here, die God wat vir Abram gekies het, hom uit Ur van die
Galdeërs gebring het en sy naam Abraham gemaak het. 8 U het hom getrou teenoor
U bevind, met hom ‘n verbond gesluit dat U die land van die Kanaäniete, die Hetiete
en Amoriete, die Feresiete, Jebusiete en Girgasiete, aan sy nageslag sou gee, en U het
u belofte nagekom; U is betroubaar. 9 U het die nood van ons voorvaders in Egipte
gesien, gehoor toe hulle by die Rietsee om hulp geroep het, 10 en groot, magtige dade
gedoen, teen die farao, teen sy amptenare en teen die mense in sy land, want U het
geweet dat hulle u volk met minagting behandel het. U het die roem van u Naam
groot gemaak, so soos dit vandag nog is. 11 U het die see gekloof voor hulle, hulle kon
op droë grond daardeur trek; maar U het hulle agtervolgers in die vloedwaters gegooi
soos ‘n klip in magtige waters. 12 Met ‘n wolkkolom het U hulle bedags gelei, met ‘n
vuurkolom snags om vir hulle lig te maak op die pad waar hulle langs moes trek. 13
U het op Sinaiberg afgekom, met hulle uit die hemel gepraat en vir hulle bepalings
vasgestel wat billik is, wette wat vas staan, voorskrifte en gebooie wat goed is. 14 U
het hulle geleer van u gewyde sabbat en aan hulle gebooie, voorskrifte en ‘n wet gegee
deur Moses, u dienaar. 15 U het vir hulle brood gegee uit die hemel toe hulle honger
was, vir hulle water uit ‘n rots laat stroom toe hulle dors was. U het gesê hulle kan
die land in besit kom neem wat U met ‘n eed beloof het om aan hulle te gee. 16 Maar
hulle, ons voorvaders, was vermetel, hulle koppe was hard, hulle het nie u gebooie
gehoorsaam nie. 17 Hulle het geweier om te luister, hulle het nie die wonderdade
onthou wat U vir hulle gedoen het nie. Hulle koppe was hard, hulle het in verset
gekom en wou in hulle koppigheid terug na hulle slawerny. Maar U is ‘n God wat
vergewe, genadig, barmhartig, lankmoedig, vol liefde. U het hulle nie verlaat nie. 18
Ook toe hulle vir hulle die kalfsbeeld gegiet het en gesê het: “Hier is jou God wat jou
uit Egipte gebring het,” en toe hulle skandelike dinge gedoen het, 19 het U in u groot
barmhartigheid hulle nie in die woestyn gelos nie. Die wolkkolom het bedags nie van
hulle af weggedraai nie maar hulle op die pad bly lei; die vuurkolom was snags daar
om vir hulle lig te maak op die pad waar hulle langs moes trek. 20 U het u goeie Gees
gegee om hulle te onderrig, U het u manna nie van hulle teruggehou nie, U het vir
hulle water gegee vir hulle dors. 21 Veertig jaar lank het U vir hulle gesorg, hulle het
niks kortgekom in die woestyn nie. Hulle klere het nie verslyt nie, hulle voete het nie
geswel nie. 22 U het koninkryke, volke, aan hulle gegee, gebiede aan hulle toegewys:
hulle het die land van Sihon in besit geneem, die land van die koning van Gesbon, en
die land van koning Og van Basan. 23 U het hulle nageslag so baie laat word soos die

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

sterre aan die hemel. U het hulle gebring na die land waarvan U aan hulle voorvaders
gesê het dat hulle dit in besit sal kom neem. 24 Hulle kinders het gekom en die land
in besit geneem. U het die inwoners van die land, die Kanaäniete, voor u volk laat
buig en hulle oorgegee in die mag van u volk. U volk kon doen wat hulle wou met
die konings en die volke in die land. 25 U volk het vestingstede beset en vrugbare
grond. Hulle het beslag gelê op huise vol kosbare goed, putte wat klaar gegrawe was,
wingerde en olyfboorde, vrugtebome in oorvloed. Hulle het geëet, meer as genoeg,
vet geword, en hulle verlustig in u groot goedheid. 26 Maar hulle het opstandig
geword en teen U in verset gekom, hulle het u wet verwerp en u profete doodgemaak
wat hulle gewaarsku het om na U terug te kom. Hulle het skandelike dinge gedoen.
27 Toe het U hulle oorgegee in die mag van hulle teëstanders, dat dié hulle verdruk.
Toe dit sleg met hulle gaan, het hulle na U geroep om hulp, en U het uit die hemel
hulle gebed verhoor. In u groot barmhartigheid het U aan hulle redders gegee, en
dié het hulle gered uit die mag van hulle teëstanders. 28 Maar toe hulle rus kry, het
hulle weer teen U oortree, en U het hulle in die mag van hulle vyande gelos dat dié
oor hulle kon heers. Hulle het weer na U om hulp geroep, en U het uit die hemel
hulle gebed verhoor en in u barmhartigheid het U hulle gered, keer op keer. 29 U het
hulle gewaarsku om terug te kom na u wet, maar hulle was vermetel, ongehoorsaam
aan u gebooie. Hulle het gesondig teen u bepalings wat 'n mens laat lewe as hy hulle
nakom. Hulle was moedswillig, hulle koppe was hard, hulle was ongehoorsaam. 30
U was geduldig met hulle, baie jare lank, U het hulle gewaarsku deur u Gees, deur
middel van u profete, maar hulle het nie geluister nie. Toe het U hulle oorgegee in die
mag van heidenvolke, 31 maar in u groot barmhartigheid het U hulle nie heeltemal
uitgewis nie, hulle nie verlaat nie. U is 'n genadige, 'n barmhartige God. 32 En nou,
ons God, grote God, magtig en ontsagwekkend, U wat die verbond en die troue
liefde in stand hou, moet tog nie al dié ellende gering ag nie, die ellende wat ons,
ons konings, ons amptenare, ons priesters, ons profete, ons voorvaders, u hele volk,
getref het van die tyd van die Assiriese konings af tot vandag toe. 33 In alles wat oor
ons gekom het, was U regverdig; U het reg gedoen, ons verkeerd. 34 Ons konings,
ons amptenare, ons priesters, ons voorvaders het nie u wet gehoorsaam nie, nie gelet
op u gebooie, u verordeninge waarmee U hulle gewaarsku het nie. 35 Hulle konings
het nog geregeer en hulle het nog u groot goedheid geniet wat U hulle gegee het en in
die wye, vrugbare land gewoon wat U aan hulle gegee het; al het hulle U nie gedien
nie en hulle nie bekeer van hulle slegte dade nie. 36 Hier is ons vandag slawe, ons is
slawe in hierdie land, die land wat U aan ons voorvaders gegee het dat hulle die vrug
daarvan en die goeie dinge daarin kan geniet. 37 Sy ryke opbrengs behoort aan die
konings wat U oor ons aangestel het as gevolg van ons sondes; die konings maak met
ons en ons vee soos hulle wil. Ons verkeer in groot nood.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *Nehemia 9:16–17*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*Nehemia 9:16–17*

*Maar hulle, ons voorvaders, was vermetel, hulle koppe was hard, hulle het nie u gebooie gehoorsaam nie. Hulle het geweier om te luister, hulle het nie die wonderdade onthou wat U vir hulle gedoen het nie. Hulle koppe was hard, hulle het in verset gekom en wou in hulle koppigheid terug na hulle slawerny. Maar U is 'n God wat vergewe, genadig, barmhartig, lankmoedig, vol liefde. U het hulle nie verlaat nie.*

**OORDENKING**

Die Boek Nehemia wys vir ons hoe ware bekering lyk. Dit getuig van God se beskerming van sy volk, die behoefte aan ware toewyding en getroue aanbidding, die onderhouding van die wet en die herbou van Jerusalem. Al het Nehemia gesukkel en teenstand ondervind terwyl hy probeer het om die mense te lei in die herbou van die muur, het God hom getrou verlos. Na 'n tyd is die mure stewig vasgemaak en herbou. God se plan was egter nie net vir 'n fisiese rekonstruksie nie, maar ook 'n geestelike herstel van sy mense.

In hoofstuk 9 sien ons die Jode se hertoewyding aan God se wet, wat deur God aan hulle gegee is om hulle heilig te maak en om hulle van ander nasies te onderskei. Hulle opregte terugkeer na gehoorsaamheid aan die wet het hul liefde, toewyding en vertroue in die Here getoon om weer oor hulle te heers, om hul God te wees en om vir hulle te voorsien en te beskerm.

In hulle houding van gebed het die Israeliete met lof en aanbidding op die lees van die Woord gereageer. Toe hulle God begin loof het, het hulle hul harte op Hom gerig en hul vreugde uitgespreek om sy volk te wees. Hulle het die geskiedenis van Israel en God se getrouheid aan hulle voorvaders, deur sy magtige verlossing van hulle van hulle vyande, oorvertel.

Wanneer laas was jy so oortuig deur die Heilige Gees dat dit jou gelei het om te aanbid? Soos die Gees werk, bring Hy ons in nederigheid tot op ons knieë, want Hy sien ons desperate behoefte aan die een ware Verlosser.

Mag hierdie Jode se rou aanbidding en viering van God se karakter ons eweneens dwing om te mediteer oor die goedheid van die Here, om te midde van ons stryd op die Rots van ons redding te staan, en om te vertel van die baie seëninge en genade wat Hy ons gegee het. Ons moet toelaat dat die oortuiging van die Heilige Gees ons dwing tot bekering en aanbidding van wie Hy is. Mag ons stilstaan by die skoonheid van sy natuur. Mag ons 'n volk wees wat nederig ons sondes aan die Soewereine Een bely en wat met groeiende liefde en toewyding op sy genade reageer.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Nehemia 9:38-10:27*

Daarom gaan ons 'n skriftelike onderneming aan. Op die verseëlde dokument teken ons leiers, ons Leviete en ons priesters hulle name. Op die verseëlde dokument staan: Die goewerneur Nehemia seun van Gakalja en die priesters Sedekia, 2 Seraja, Asarja, Jeremia, 3 Pasgur, Amarja, Malkija, 4 Gattus, Sebanja, Malluk, 5 Garim, Meremot, Obadja, 6 Daniël, Ginneton, Baruk, 7 Mesullam, Abia, Mijamin, 8 Maäsja, Bilga en Semaja. 9 Die Leviete was Jesua seun van Asanja, Binnuï uit die Genadadgroep, en Kadmiël, 10 met hulle ampsgenote, Sebanja, Hodija, Kelita, Pelaja, Ganan, 11 Miga, Regob, Gasabja, 12 Sakkur, Serebja, Sebanja, 13 Hodija, Bani en Beninu. 14 Die leiers van die volk was Paros, Pagat-Moab, Elam, Sattu, Bani, 15 Bunni, Asgad, Bebai, 16 Adonia, Bigwai, Adin, 17 Ater, Hiskia, Assur, 18 Hodija, Gasum, Besai, 19 Garif, Anatot, Nebai, 20 Magpias, Mesullam, Gesir, 21 Mesesabel, Sadok, Jaddua, 22 Pelatja, Ganan, Anaja, 23 Hosea, Gananja, Gassub, 24 Loges, Pilga, Sobek, 25 Regum, Gasabna, Maäseja, 26 Agija, Ganan, Anan, 27 Malluk, Garim en Baäna.

*Jeremia 31:31-33*

Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. 32 Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. 33 Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.

*Lukas 22:14-20*

Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. 15 Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. 16 Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie." 17 Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit vir mekaar aan. 18 Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie." 19 Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." 20 Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Lukas 22:19–20*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

### SOAP:

*Lukas 22:19–20*

*Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word."*

### OORDENKING

God se mense het hul sondes herken, berou gehad en na Hom teruggekeer. Deel van hulle toewyding aan Hom was die ondertekening van 'n bindende verbond saam as 'n volk, geïnisieer deur die leiers. Hulle het hul name geteken en hulle verbind om met God te wandel en weer sy wette te gehoorsaam.

'n Verbond was 'n beduidende verbintenis. Reg deur die geskiedenis van sy volk het God verbonde gebruik om beloftes aan hulle te maak, beloftes wat Hy nagekom het ongeag hulle getrouheid. Toe die volk Israel en Juda hulle verbond met God verbreek en in ballingskap gestuur is, het God belowe om 'n nuwe verbond met hulle te sluit wanneer hulle na die land terugkeer. Hier het die volk weereens tot hierdie verbond verbind deur hul name te teken.

Daar is na die vestiging van 'n verbond verwys as die "sny" van 'n verbond. Wanneer 'n verbond "gesny" is, sou diere simbolies geslag word, wat wys dat 'n verbond duur is en dat beide partye hul beloftes moet nakom. Toe die mense van Jerusalem hierdie nuwe verbond gesluit het, het hulle die dokument onderteken wat wys dat hulle die koste getel het en bereid was om hul afgodery opsy te sit en weer met God te wandel.

Alhoewel die Jode hierdie verbond met God aangegaan het, was daar nog die uiteindelike Nuwe Verbond was sou kom. God het Jesus gestuur as die bedienaar van die nuwe, ewige verbond. Jesus het hierdie nuwe verbond tot stand gebring, en Hy is in die nakoming van die belofte geslag. Hierdie verbond het Jesus alles gekos; Hy het Homself aangebied sodat ons vryheid van sonde en dood kan hê.

Die mense van Jerusalem het hul name op 'n dokument geteken om die verbond wat hulle met God gesluit het, te onthou. Hulle was besig om hul harte te vernuwe deur te onthou wat God vir hulle as 'n nasie gedoen het en dan het hulle hulle daartoe verbind om Hom te volg. Vandag onthou ons die verbond wat God aan ons gegee het deur aan die nagmaal deel te neem. Wanneer ons die elemente, die brood en wyn neem, onthou ons die verbond wat Jesus gesluit het met diegene wat in Hom glo. Ons onthou dat Hy alles gedoen het wat nodig is om hierdie verbond te handhaaf en dat al wat ons hoef te doen is om ons geloof in Hom te plaas.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Hoe reageer jy wanneer jy die Woord van God lees? Beleef jy skuld en skaamte, of is jy in staat om te bekeer en God se genade te aanvaar en sy vergifnis met blydskap te ontvang?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

2. *Watter belangrike dinge het God vir jou gedoen wat jy moet onthou? Vier sy getrouheid terwyl jy die dinge onthou wat Hy gedoen het!*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

3. *Was die mense se bekering eg? Hoe verskil opregte bekering van rituele bekering? Watter een eer God meer?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

4. *Wanneer laas was jy so oortuig deur die Heilige Gees dat dit jou gelei het om te aanbid? Het jy dit al ooit ervaar?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

5. *Waarom is dit belangrik om gereeld saam met ander gelowiges aan die nagmaal deel te neem?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

*Daar is daardie dag baie offers gebring. Die mense was bly. God het hulle groot blydskap gegee. Ook die vrouens en kinders was bly. Jy kon die blydskap van Jerusalem ver hoor.*

*Nehemia 12:43*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week sal ons in die verse wat ons gaan lees sien hoe God se volk die werk van herbouing  wat God gedoen het en wat Hy besig was om te doen, vier. Wat doen God nou in jou lewe wat jy kan vier? Of daardie werk klaar is of nie, sit hierdie week tyd opsy om fees te vier en te juig en verkondig God se getrouheid terwyl Hy aanhou werk in jou lewe en omstandighede.*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

## LEES

*Week 5 • Maandag*

*Nehemia 10:28-39*

28 Die res van die gemeente, priesters, Leviete, poortwagte, sangers, tempelslawe
en al die ander wat hulle van die heidenvolke afgeskei het met die oog op die
wet van God, vrouens, seuns, dogters, almal wat reeds die nodige begrip gehad
het, 29 het hulle aangesluit by hulle ampsgenote en leiers. Hulle het 'n dure eed
afgelê om te leef volgens die wet van God wat deur Moses, die dienaar van God,
aan die volk gegee is, en om gehoorsaam te wees aan al die gebooie van die Here,
ons Here, en aan sy bepalings en voorskrifte. 30 Verder het hulle onderneem:
"Ons sal ons dogters nie met die heidenvolke laat trou nie en hulle dogters
nie met ons seuns nie. 31 "Wanneer die heidene handelsware of graan op die
sabbatdag bring om te verkoop, sal ons dit nie op die sabbat of op enige gewyde
dag van hulle koop nie. "Ons sal die grond al om die sewende jaar onbewerk
laat lê en alle skulde vryskeld. 32 "Ons aanvaar die verpligting om elkeen elke
jaar vier gram goud by te dra vir die dienswerk in die huis van ons God: 33
vir die offerbrood, die gereelde graanoffer, die gereelde brandoffer, die offers
op sabbatte, nuwemane, vasgestelde feestye en besondere gewyde dae, vir die
sondeoffer om vir Israel versoening te doen, en vir al die werk in die huis van
ons God. 34 "Ons, priesters, Leviete sowel as die ander mense, het geloot om te
bepaal wanneer dit elke familie se beurt is om, op die vasgestelde tyd elke jaar,
die heffing van brandhout vir die altaar van die Here ons God na die huis van ons
God toe te bring soos dit in die wet voorgeskryf is. 35 "Ons sal die eerstelinge van
ons gesaaides en die eerstelinge van al die vrugtebome elke jaar na die huis van
die Here toe bring. 36 "Soos dit in die wet voorgeskryf is, sal ons ons eersgebore
seuns en die eersgeborenes van ons vee, van ons beeste sowel as van ons kleinvee,
na die priesters toe bring wat in die huis van ons God diens doen. 37 "Ons sal die
eerste deeg ná die oes, ons offergawes en die eerstelinge van alles wat ons bome
oplewer, van ons wyn en olie, na die opslagplekke van die huis van ons God bring
vir die priesters, en die tiendes van ons gesaaides vir die Leviete. "Die Leviete
sal tiendes insamel in al die stede waar ons werk. 38 'n Priester uit die nageslag
van Aäron sal die Leviete vergesel wanneer hulle tiendes insamel. Die Leviete sal
een tiende van die ingesamelde tiendes na die huis van ons God toe bring, na
die opslagplekke by die voorraadkamer toe. 39 "Die Israeliete en die Leviete sal
die offergawes van koring, wyn en olie na die opslagplekke toe bring. Daar word
die gereedskap vir die heiligdom gebêre, en daar is die diensdoende priesters, die
poortwagte en die sangers. "Ons sal die huis van ons God nie verwaarloos nie."

*Matteus 6:21*

Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."

## SOAP

*Week 5 • Maandag*

SOAP / *Matteus 6:21*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

**SOAP:**

*Matteus 6:21*

*Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.*

**OORDENKING**

Die mense van Jerusalem het hulle daartoe verbind om God se verbond te hou. In die eerste helfte van hoofstuk 10 sien ons dat die mense tot die verbond instem deur hul name te teken. In vandag se verse verbind die mense hulle om baie spesifieke aspekte van die nuwe verbond wat God met hulle gesluit het, te gehoorsaam.

Die beloftes wat God se volk in hierdie verbond gemaak het, was dieselfde wette wat hulle belowe het om te handhaaf toe God die eerste keer aan hulle die land Kanaän gegee het. Hierdie regulasies onderskei hulle van buur nasies en vestig hulle as God se uitverkore volk. Hulle het belowe om nie te ondertrou met mense wat nie God aanbid nie. Hulle het hulle verbind om die Sabbat heilig te hou en om die Sabbatjare te onderhou wat hulle voor die ballingskap verwaarloos het. Hulle het hulle daartoe verbind om offers te bring en aan die tempel te gee, veral van die eerste vrugte van hulle landerye, wingerde, beeste, beeste, kleinvee en families. Hulle het belowe om nie die tempel van God te verwaarloos nie, maar om dit heilig te hou as die plek waar God se teenwoordigheid sou woon.

Toe die mense hierdie beloftes gemaak het, was God nie net geïnteresseerd in hulle eksterne nakoming van reëls en rituele nie. Hy wou hê dat hulle hele harte aan Hom toegewy moes wees, wat die geval was met hierdie Jode. Hulle het gesien wat gebeur het toe hulle voorvaders nie God se verbond eerbiedig het nie, en hulle wou God waarlik gehoorsaam.

Maar ongelukkig het baie van die Jode oor die volgende vierhonderd jaar in wettisisme verval, hulle toegewy aan baie eng interpretasies van die wet, en nie God self gekoester nie. Daarom het Jesus so baie gepraat oor die toestand van die menslike hart toe Hy gekom het. Ons harte sal ons skat volg, wat dit ook al mag wees.

Soos die Jode word ons dikwels van ons liefdevolle God weggetrek deur dinge wat aantrekliker as Hy blyk te wees. Ons kan Hom as ons uiteindelike skat hou deur weg te kyk van die wêreld en terug na Hom, Hom beter te leer ken, te lees en te dink oor die dinge wat Hy gesê en gedoen het, en Hom te vra om ons oë opnuut oop te maak vir Sy skoonheid en waarde. Hy is waarlik die grootste skat wat ons ooit kon soek, niks in hierdie wêreld vergelyk met Hom nie.

**L E E S**

*Week 5 • Dinsdag*

*Nehemia 11:1-12:26*

Die leiers van die volk het in Jerusalem gewoon. Die ander mense het geloot om een uit elke tien in Jerusalem, die heilige stad, te laat woon. Die ander kon in die ander stede woon. 2 Die volk het egter al die manne geprys wat aangebied het om in Jerusalem te woon. 3 Hier volg 'n lys van die hoofde van die provinsie Juda wat in Jerusalem gewoon het. Israel, die priesters, die Leviete, die tempelslawe en die nakomelinge van die amptenare van Salomo het oral in die stede van Juda gewoon, elkeen op sy eie grond in sy eie stad. 4 In Jerusalem het die volgende Judeërs en Benjaminiete gewoon: Judeërs: Ataja seun van Ussia, seun van Sagaria, seun van Amarja, seun van Sefatja, seun van Mahalalel, uit die nageslag van Peres; 5 Maäseja seun van Baruk, seun van Kol-Gose, seun van Gasaja, seun van Adaja, seun van Jojarib, seun van Sagaria, seun van Siloni. 6Die nakomelinge van Peres wat in Jerusalem gewoon het, was altesaam 468, almal dapper manne. 7 Nou volg die Benjaminiete: Sallu seun van Mesullam, seun van Joëd, seun van Pedaja, seun van Kolaja, seun van Maäseja, seun van Itiël, seun van Jesaja, 8en dan ook Gabbai en Sallai. Die Benjaminiete was 928. 9 Joël seun van Sikri het die bevel oor hulle gevoer, en Juda seun van Senua was in bevel oor die Nuwe Stad. 10 Priesters: Jedaja seun van Jojarib, en Jakin; 11 Seraja seun van Gilkija, seun van Mesullam, seun van Sadok, seun van Merajot, seun van Agitub, was hoof van die tempel. 12 Hulle ampsgenote, wat die dienswerk in die tempel gedoen het, was 822. Verder was daar Adaja seun van Jerogam, seun van Pelalja, seun van Amsi, seun van Sagaria, seun van Pasgur, seun van Malkija, 13 met sy ampsgenote, 242 familiehoofde; en Amassai seun van Asarel, seun van Agsai, seun van Mesillemot, seun van Immer, 14 met sy ampsgenote, 128 dapper manne. Die bevelvoerder oor hulle was Sabdiël seun van Gedolim. 15 Leviete: Semaja seun van Gassub, seun van Asrikam, seun van Gasabja, seun van Bunni; 16 Sabbetai en Josabad was hoofde van die Leviete en belas met die toesig oor die werk buite die tempel; 17 Mattanja seun van Miga, seun van Sabdi, seun van Asaf, wat in beheer van die sang was, moes die lofprysing by die gebed behartig. Verder was daar Bakbukja, tweede in rang onder sy ampsgenote, en Abda seun van Sammua, seun van Galal, seun van Jedutun. 18 Al die Leviete in die heilige stad was 284. 19 Poortwagte: Akkub, Talmon en hulle ampsgenote wat by die poorte wag gehou het. Hulle was 172. 20 Die res van Israel en van die priesters en Leviete het oral in die stede van Juda gewoon, elkeen op sy eie stuk grond. 21 Die tempelslawe het op die Ofel gewoon. Hulle was onder die bevel van Siga en Gispa. 22 Die gesagvoerder oor die Leviete in Jerusalem was Ussi seun van Bani, seun van Gasabja, seun van Mattanja, seun van Miga, uit die nageslag van Asaf wat die sangers was by die dienswerk in die tempel. 23 Daar het 'n koninklike opdrag oor die sangers bestaan, 'n voorskrif oor hulle optrede soos dit elke dag moes geskied. 24 Petagja seun van Mesesabel, uit die nageslag van Serag seun van Juda, was die gevolmagtigde van die koning vir alle sake van die volk. 25 Wat betref die nedersettings met hulle boerderygebiede, daar het van die Judeërs in Kirjat-Arba en sy buiteposte gewoon, in Dimona en sy buiteposte, in Kabseël en die nedersettings by hom, 26 in Jesua, in Molada, in Bet-Pelet, 27 in Gasar-Sual, in Berseba en sy buiteposte, 28 in Siklag, in Mekona en

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

sy buiteposte, 29 in En-Rimmon, in Sora, in Jarmut, 30 in Sanoag en Adullam en die nedersettings by hulle, in Lakis en sy boerderygebied en in Aseka en sy buiteposte. Hulle was dus gevestig oor die gebied van Berseba af tot by Hinnomdal. 31 Die Benjaminiete het gewoon in Geba, Mikmas, Aja, Bet-El en sy buiteposte, 32 Anatot, Nob, Ananeja, 33 Gasor, Rama, Gittajim, 34 Gadid, Seboïm, Neballat, 35 Lod, Ono en Vakmansdal. 36 Afdelings Leviete het ook in Juda en Benjamin gewoon. Hier volg 'n lys van die priesters en die Leviete wat saam met Serubbabel seun van Sealtiël, en Jesua teruggekom het: Seraja, Jeremia, Esra, 2 Amarja, Malluk, Gattus, 3 Sekanja, Regum, Merajot, 4 Iddo, Ginneton, Abia, 5 Mijamin, Maädja, Bilga, 6 Semaja, Jojarib, Jedaja, 7 Sallu, Amok, Gilkija en Jedaja. Hulle was die hoofde van die priesters en van hulle ampsgenote in die tyd van Jesua. 8 Die Leviete was Jesua, Binnuï, Kadmiël, Serebja, Juda en Mattanja. Mattanja en sy ampsgenote was verantwoordelik vir die lofsang. 9 Hulle ampsgenote Bakbukja en Unni het regoor hulle diens gedoen. 10 Jesua was die vader van Jojakim, Jojakim die vader van Eljasib, Eljasib van Jojada; 11 Jojada was die vader van Jonatan en Jonatan die vader van Jaddua. 12 Tydens die regering van Jojakim was die volgende manne hoofde van die priesterfamilies: Meraja was hoof van die familie Seraja, Gananja van Jeremia, 13 Mesullam van Esra, Joganan van Amarja, 14 Jonatan van Malluk, Josef van Sebanja, 15 Adna van Garim, Gelkai van Merajot, 16 Sagaria van Iddo, Mesullam van Ginneton, 17 Sikri van Abia, Piltai van Mijamin en Maädja, 18 Sammua van Bilga, Jonatan van Semaja, 19 Mattenai van Jojarib, Ussi van Jedaja, 20 Kallai van Sallu, Eber van Amok, 21 Gasabja van Gilkija, Netanel van Jedaja. 22 Die familiehoofde van die Leviete is in die tyd van Eljasib, Jojada, Joganan en Jaddua opgeskryf, die priesters tydens die regering van Darius die Pers. 23 Die Levitiese familiehoofde is opgeskryf in die Kroniekboeke tot met die tyd van Joganan seun van Eljasib. 24 Die hoofde van die Leviete was Gasabja, Serebja en Jesua seun van Kadmiël. Regoor hulle was hulle ampsgenote wat die Here moes loof en dank volgens die voorskrif van Dawid, die man van God. Die afdelings het regoor mekaar diens gedoen. 25 Die ander was Mattanja, Bakbukja, Obadja en Mesullam. Talmon en Akkub was poortwagte wat diens gedoen het by die voorraadkamers in die poorte. 26 Hierdie mense het in die tyd van Jojakim seun van Jesua, seun van Josadak, en in die tyd van die goewerneur Nehemia en die skrifgeleerde priester Esra diens gedoen.

*Galasiërs 6:6-10*

Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het. 7 Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. 8 Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. 9 Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. 10 Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

## SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

SOAP / *Galasiërs 6:9*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Galasiërs 6:9*

*Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.*

**OORDENKING**

God was nie gemoeid met die herbou van slegs 'n muur om die stad te beskerm nie. Waaroor Hy werklik omgegee het, was die harte van sy mense wat na Hom terugkeer. Die muur was die eerste stap. Terwyl die volk hulle weer aan God se wet verbind het, het hulle alles gesien wat in sy verbond ingesluit was.

Hierdie nuwe verbond het ingesluit dat  hulle hulle aanbidding en hulle offergawes opnuut aan God gee. En dit het ook die keuse van daardie leiers en verteenwoordigers van die mense ingesluit wat in Jerusalem sou woon. Die leiers het hulle daar gevestig, en die lot is onder die mense gewerp om een van elke tien binne die mure van die stad te laat woon. Destyds was die woongebied van die stad redelik klein, net sowat twintig hektaar. Nie al die mense kon daar woon nie, en die mense het hul seën gegee aan diegene wat vrywillig hul huise en grond verlaat het om in die stad te woon.

Om in die stad Jerusalem te woon was betekenisvol: diegene wat in die stad gewoon het, het gewerk om God se volk teen hul vyande veilig te hou en hulle daartoe verbind om God se Wet te volg. Hulle het verstaan dat hierdie opdrag deur God gegee is, dat hulle God se tempel bewaak en dat hulle gehoorsaamheid 'n daad van aanbidding was

God het die Jode die groot taak gegee om te herbou. Hierdie herbouing was meer as net fisies. Die fisiese muur is herbou, maar die herbou van die harte van die mense en die ritmes van aanbidding vir die nasie was aan die gang. Die leiers het dit erken en maniere vasgestel om voort te gaan met die werk wat God hulle gegee het om te doen.

Ons is dalk nie besig om 'n muur te herbou of aanbidding vir 'n hele volk te hervestig nie, maar God het ongetwyfeld vir elkeen van ons belangrike werk gegee. Soos Nehemia en die leiers van die Jode, moet ons net so getrou wees in die onsigbare werk as wat ons in die sigbare is. Een belangrike werk wat meestal onsigbaar is, is om vir ander te bid. God wil mense hê wat vir hul gesinne, kerke, nasies en onbereikte mense bid. Mag ons bereid wees om hierdie harde werk van voorbidding te doen, selfs in die afsondering van ons kamers waar niemand behalwe God ons sien nie.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Nehemia 12:27-43*

Met die oog op die inwyding van die muur om Jerusalem is die Leviete oral in hulle woonplekke opgespoor en na Jerusalem toe gebring. Hulle moes die inwyding feestelik vier met lofliedere en met die musiek van simbale, harpe en liere. 28 Die sangers is bymekaargebring uit die omgewing van Jerusalem, uit die Netofanedersettings, 29 uit Bet-Gilgal en uit die boerderygebiede van Geba en Bet-Asmawet. Die sangers se nedersettings was almal om Jerusalem gebou. 30 Die priesters en die Leviete het eers hulleself gereinig en daarna die volk, die poorte en die muur. 31 Ek het die leiers van Juda op die muur laat klim en toe twee groot kore saamgestel. Die een het ek suid op die muur langs laat gaan tot by die Vullispoort. 32 Agter hulle het Hosaja en die helfte van die gesagvoerders van Juda geloop, 33 en verder Asarja, Esra, Mesullam, 34 Juda en Benjamin, Semaja en Jeremia, 35 'n aantal priesters met trompette, Sagaria seun van Jonatan, seun van Semaja, seun van Mattanja, seun van Miga, seun van Sakkur, seun van Asaf, 36 en sy ampsgenote Semaja, Asarel, Milalai, Gilalai, Maäi, Netanel, Juda en Ganani met die musiekinstrumente van Dawid, die man van God. Esra die skrifgeleerde was voor hulle. 37 By die Fonteinpoort is hulle reguit op met die trappe na die Dawidstad toe, met die skuinste teen die muur bokant die paleis van Dawid langs tot by die Waterpoort aan die oostekant. 38 Die ander koor het noord geloop. Ek en die ander helfte van die mense het gevolg al met die muur langs oor die Bakoondtoring tot by die Breë Muur, 39 oor die Efraimspoort, die Ou Poort, die Vispoort, die Gananeltoring, die Toring-van-die-Honderd tot by die Skaappoort. By die Wagpoort het hulle gaan staan. 40 Die twee kore het daarna in die tempel plek ingeneem, ek ook, en die helfte van die ampsdraers saam met my. 41 Die priesters Eljakim, Maäseja, Mijamin, Miga, Eljoënai, Sagaria en Gananja het die trompette geblaas, 42 en ook Maäseja, Semaja, Eleasar, Ussi, Joganan, Malkija, Elam en Eser. Die kore het gesing onder leiding van Jisragja. 43 Daar is daardie dag baie offers gebring. Die mense was bly. God het hulle groot blydskap gegee. Ook die vrouens en kinders was bly. Jy kon die blydskap van Jerusalem ver hoor.

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Nehemia 12:43*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

**SOAP:**

*Nehemia 12:43*

*Daar is daardie dag baie offers gebring. Die mense was bly. God het hulle groot blydskap gegee. Ook die vrouens en kinders was bly. Jy kon die blydskap van Jeruslame ver hoor.*

**OORDENKING**

Die herbou van die muur het baie vir die mense van Jerusalem beteken. Dit het beskerming teen buitelandse aanvallers en God se guns aan Juda beteken. Nadat die muur herbou is, was dit tyd vir die volk Isreal om die vrugte van hul arbeid te geniet.

As deel van hierdie viering het die mense van Jerusalem bymekaargekom. Hulle het die muur aan God opgedra en Hom geprys vir die voltooiing van die werk en die hernuwing van die verbond. God het iets groots vir sy mense gedoen en hulle was gehoorsaam om sy groot werk te herkenk en te vier.

Hulle feesviering was so groot dat dit van ver af gehoor kon word. Selfs op 'n afstand het mense die viering van God se goedheid gehoor. Diegene wat die herboupoging teëgestaan het, het ongetwyfeld die groot gejubel van die volk van God gehoor.

Hoe gereeld stop ons om fees te vier wanneer ons bewyse sien van God wat in ons lewens werk? Wanneer 'n gebed verhoor word of wanneer God 'n wonderwerk in ons lewens doen, gaan ons dikwels voort sonder om dit te vier. Dit kan maklik wees om die wonders wat God vir ons gedoen het te vergeet wanneer ons nie die tyd neem om stil te staan, Hom te dank en in sy goedheid te verheug nie.

Dit is nie 'n onbelangrike saak nie, want ons word vebeel om te "jubel in die Here" (Filippense 3:1) en om "jou te verlustig in die Here" (Psalm 37:4). God wil hê dat ons ons hoogste vreugde in Hom moet vind.

Hoe kan ons leer om meer in God te verheug? Dit is moeilik om te doen wanneer ons ons gedagtes met ander dinge vul, veral wêreldse vermaak – dinge waarna ons op TV kyk of op ons fone sien. Ons moet veg teen alles wat ons vreugde in God verminder. Ons kan ons nie in God verlustig wanneer ons verstand nie met Hom besig is nie. Ons kan ook nie in Hom bly wees as ons nie kan sien hoe heerlik en wonderlik Hy is nie. Ons kan – en moet – Hom vra om meer van Homself aan ons te openbaar wanneer ons die Bybel lees en oor sy Woorde en beloftes peins, want "in [sy] teenwoordigheid is daar volheid van blydskap" (Psalm 16:11).

## LEES

*Week 5 • Donderdag*

*Nehemia 12:44-47*

Daardie dag is daar ook manne aangestel oor die voorraadkamers vir die offergawes, die eersteling een die tiendes, sodat daarin die deel opgeberg kon word wat volgens wet die priesters en die Leviete uit die boerderygebiede van die stede toekom. Die priesters en die Leviete wat diens gedoen het, het voordeel getrek uit die blydskap van Juda. 45 Die priesters en die Leviete het die diensbeurte ter verering van hulle God en die diensbeurte om die reiniging te doen, waargeneem. Die werk van die sangers en die poortwagte is gereël volgens die voorskrif van Dawid en sy seun Salomo. 46 Daar was reeds in die ou tyd, in die tyd van Dawid en Asaf, leiers van die sangers met die oog op die lof- en dankliedere ter ere van God. 47 In die tyd van Serubbabel en Nehemia het die hele Israel vir die sangers en die poortwagte se onderhoud gesorg soos dit elke dag nodig was. Hulle het ook die offergawes vir die Leviete opsy gesit en die Leviete het dan weer dié van die priesters opsy gesit.

*Levitikus 7:28-36*

Die Here het vir Moses gesê: 29 "Sê vir die Israeliete: Wanneer iemand vir die Here 'n maaltydoffer aanbied, moet hy self uit sy maaltydoffer 'n offer aan die Here bring. 30 Hy moet dit met sy eie hand as vuuroffer vir die Here bring. Hy moet die vuuroffer, die vet van die bors, saam met die bors bring en dit in die teenwoordigheid van die Here heen en weer beweeg as 'n beweegoffer. 31 Die priester verbrand dan die vet op die altaar, maar die bors kom Aäron en sy seuns toe. 32 "Julle moet die regterboud van die maaltydofferdier as 'n offergawe aan die priester gee. 33 Die priester uit die seuns van Aäron wat die bloed en die vet van die maaltydoffers hanteer, het aanspraak op die regterboud as sy aandeel. 34 "Die Here het die bors van die beweegoffer en die boud wat as offergawe gebring is, uit die maaltydoffers van Israel gevat en dit aan die priester Aäron en sy seuns gegee. Dit is 'n vaste instelling vir die Israeliete. 35 "Dit is die aandeel van Aäron en sy seuns aan die vuuroffers van die Here, van die dag af dat hulle as priesters vir die Here gewy is. 36 Die dag toe hulle gesalf is, het die Here beveel dat hulle dié gawes van die Israeliete moet ontvang. Dit is 'n vaste instelling, ook vir hulle nageslag."

*1 Timoteus 5:17-18*

Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee, 18 want die Skrif sê: "Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie," en ook: "Die arbeider is geregtig op sy loon."

## SOAP

*Week 5 • Donderdag*

SOAP / *1 Timoteus 5:17–18*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP:**

*1 Timoteus 5:17–18*

*Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee, want die Skrif sê: "Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie," en ook: "Die arbeider is geregtig op sy loon."*

**OORDENKING**

Deel van die hervestiging van aanbidding en om gemeenskap reg voor God te stel, was om te sorg vir die priesters en diegene wat die mense bedien. Die Leviete was afstammelinge van Levi en hulle hele stam het nie 'n toegewese deel van die land gekry soos die ander elf stamme nie. Hulle voorsiening het egter gekom van die offers wat die mense by die tempel gemaak het. God het vir hulle 'n spesifieke deel gegee en vir hulle gesorg op dieselfde manier wat Hy vir die res van sy mense voorsien het. Binne die stam van Levi is die nageslag van Aäron as priesters aangewys en ook hulle het 'n spesifieke deel van die Here ontvang deur middel van tempeloffers.

God het 'n stelsel opgestel om te sorg vir diegene wat sy volk bedien het. Hy het die stam van Levi en die nageslag van Aäron opsy gesit om die mense te wees wat geslagte lank die volk sou bedien. Hulle is deur die mense gevoed deur hulle offers. Toe die mense God gevolg en in sy weë gewandel het, was hulle getrou om offers te bring wat die priesters gevoed het. Dit was 'n teken dat Isreal geestelik gesond was as hulle priesters baie kos gehad het. Terwyl die Jode 'n stelsel en patroon van aanbidding hervestig het, het hulle seker gemaak dat hulle die porsies vir die priesters en Leviete opsygesit het soos God beveel het.

God het altyd voorsiening gemaak vir diegene wat Hy aanstel om sy volk te bedien. In sy brief aan Timotheüs het Paulus hom opdrag gegee om diegene te eer wat effektiewe leierskap aan die liggaam van Christus verkaf het. Hy het Timotheüs daaraan herinner om diegene in die bediening te ondersteun en om die gemeente aan te moedig om dit ook te doen.

Vandag maak on nie opofferings en offers by 'n tempel nie, maar ons moet omgee vir diegene wat God as leiers oor die geloofsgemeenskap gestel het. God het baie mense aangestel om die liggaam van Christus op 'n verskeidenheid maniere te bedien en as gelowiges is dit ons verantwoordelikheid om hulle finansieël te ondersteun, ongeag die bedrag wat ons ook al kan gee. Ons getrouheid om vir bedienings en kerkleiers te gee en te ondersteun is 'n direkte belegging in die bevordering van die koninkryk van God. Mag ons getrou wees om altyd diegene te ondersteun en te dien wat God geroep het om die kerk te ondersteun en te dien.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*Nehemia 13:1-3*

Daardie dag is daar ten aanhore van die volk voorgelees uit die boek van Moses, en daar is geskryf gevind dat 'n Ammoniet of Moabiet nooit in die gemeente van God mag kom nie. 2 Dit was omdat hulle nie brood en water aan die Israeliete wou gee nie en vir Bileam gehuur het om 'n vloek oor Israel uit te spreek. Ons God het die vloek in seën laat verander. 3 Toe die volk dié wet hoor, het hulle almal wat van gemengde herkoms was, van Israel afgeskei.

*Numeri 22:1-14*

Daarna het die Israeliete verder getrek en kamp opgeslaan in die Moabsvlakte teenoor Jerigo, oos van die Jordaan. 2 Balak seun van Sippor het gehoor van alles wat Israel aan die Amoriete gedoen het. 3 Die Moabiete het baie groot geskrik vir die Israeliete, want hulle was baie. Die Moabiete het bang geword vir die Israeliete 4 en het vir die leiers van Midian gesê: "Hierdie horde gaan alles rondom ons opvreet soos beeste die gras in die veld opvreet." Balak seun van Sippor was destyds koning van Moab 5 en hy het boodskappers gestuur om vir Bileam seun van Beor te laat haal. Hy was in Petor aan die Eufraat in die land Ammau. Balak het hom laat weet: "n Volk wat uit Egipte kom, het hier by my kom intrek. Die aarde is tóé onder hulle. 6 Kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my, want hulle is te sterk vir my. Miskien sal ek hulle dan kan verslaan en uit die land verdryf. Ek weet: wie jy seën, is geseën, en wie jy vervloek, is vervloek." 7 Die leiers van Moab en Midian het die beloning wat aan 'n waarsêer betaal moet word, saamgevat na Bileam toe en Balak se versoek aan hom oorgedra. 8 Bileam sê toe vir hulle: "Bly vannag oor, dan sê ek môre vir julle wat die Here vir my sal sê." Die amptenare van Moab het toe by Bileam oornag. 9 God het aan Bileam verskyn en gevra: "Wie is die manne hier by jou?" 10 en hy het geantwoord: "Koning Balak van Moab, seun van Sippor, het hulle na my toe gestuur met die boodskap: 11 Hier is 'n volk wat uit Egipte getrek het, en die aarde is tóé onder hulle. Kom asseblief en vervloek hulle vir my. Miskien sal ek dan teen hulle kan veg en hulle verdryf!" 12 Maar God het vir Bileam gesê: "Moenie met hulle saamgaan nie. Jy mag dié volk nie vervloek nie, want hulle is geseën." 13 Die volgende môre het Bileam vir die amptenare van Balak gesê: "Gaan terug na julle land toe, want die Here wil nie hê ek moet saam met julle gaan nie." 14 Die amptenare van Moab is toe terug na Balak toe en het vir hom gesê: "Bileam weier om met ons saam te kom."

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*Rut 1:16-17*

Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; 17 waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."

*2 Timoteus 3:16-17*

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *2 Timoteus 3:16–17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

**SOAP:**

*2 Timoteus 3:16–17*

*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

**OORDENKING**

God het Israell as sy volk gekies. Hy het hulle uit slawerny gelei, deur die woestyn en in die Beloofde Land in. Die volk moes syne bly en hulle mag met niemand van die nasies wat hulle omring het trou nie, veral nie die Ammoniete en Moabiete nie. Albei hierdie nasies het Isreal teëgestaan terwyl hulle deur die woestyn getrek het en die Moabiete het selfs vir Bileam gehuur om Istreal te vervloek.

Die doel om God se volk apart van die omliggende nasies te hou was omdat God geweet het dat sy volk maklik op 'n dwaalspoor gelei kon word en in afgodery kon verval. As 'n Moabiet of Amoniet egter van hul heidense weë afgerdraai het en God heelhartig gevolg het, is hulle in die volk van God verwelkom. Rut is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Sy het weggedraai van die weë van haar mense en gekies om Naomi se God te volg. Rut was in die geslagslyn van die grootste koning van Israel en was in groot eer onder God se volk gehou weens haar getrouheid.

Dit was nie die eerste keer dat die ballinge hulle moes bekeer van hierdie spesifieke sonde nie. Hulle het ondertrou en is voorheen deur die afgode van ander nasies op 'n dwaalspoor gebring. Nehemia 9:2 en 10:28 toon vorige gevalle waar die mense hulle bekeer en van hierdie sonde weggedraai het. Die gebeure in hoofstuk 13 het ongeveer dertig jaar later plaasgevind, wat toon dat alhoewel hulle berou gehad het, die volgende geslag weer ongehoorsaam was.

Tog was God getrou en sy Woord het mense nie onveranderd gelaat nie. Toe die mense dit gelees het, het hulle gereageer, berou gehad en van hul sondes weggedraai. Al het hulle teruggeval in 'n patroon van sonde het God medelye gehad met sy volk. Sy Woord was effektief en het sy mense tot bekering gelei. Dieselfde geld vir ons. Selfs wanneer ons in sondige patrone verval, is God getrou en geduldig met ons. Hy sal sy Woord gebruik om ons tot bekering te roep. Soos die Jode kan ons ons bekeer en na Hom terugkeer, maak nie saak wat ons gedoen het nie.

## OORDENKING

*Week 5*

*1. Dink na oor Matteus 6:21. Wat is jou ware skat?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*2. Watter werk het God jou gegee om te doen? Hoe bestuur en bewaar jy wat Hy vir jou gegee het, al is dit vir die oomblik net in jou eie hart?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*3. Hoe kan jy God en sy werk in jou lewe vier? Prys Hom vir sy getrouheid in die verlede en die maniere waarop Hy sal voortgaan om sy beloftes in die toekoms na te kom.*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*4. Is jy getrou om finansieel te gee aan diegene wat God geroep het tot bediening of leierskap in die kerk? Aan wie kan jy gee om die werk van Christus in jou gemeenskap of regoor die wêreld te ondersteun?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*5. Het jy in 'n sondige patroon verval, soos die Jode het? Waaroor roep God jou om jou te bekeer? Is jy bereid om van sonde weg te draai en na Hom terug te keer?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*Onthou*

*dit tot my*

*voordeel,*

*my God!*

*Nehemia 13:31b*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hoe toon Nehemia getroue leierskap regdeur die herbouwerk? Watter ander leiers het God se volk gelei met dieselfde standvastige leierskap en toewyding aan God? Hoe kan jy ander lei op grond van hierdie voorbeelde?*

## LEES

*Week 6 • Maandag*

*Nehemia 13:4-14*

Tevore het die priester Eljasib, wat in beheer was van die opslagplek by die huis van ons God en familie van Tobija was, 5 vir Tobija 'n groot kamer ingerig wat tevore gebruik was vir die graanoffer, die wierook, die offergereedskap, die tiendes van koring, wyn en olie, die aandeel van die Leviete, die sangers en die poortwagte, en die offergawe vir die priesters. 6 Ek was nie in Jerusalem toe dit alles gebeur het nie, want in die twee en dertigste regeringsjaar van koning Artasasta van Babel is ek terug na die koning toe. Ek kon eers met verloop van tyd van die koning verlof vra 7 en na Jerusalem toe kom. Toe ek uitvind watter verkeerde ding Eljasib gedoen het deur vir Tobija 'n kamer in die voorhof van die tempel in te rig, 8 was ek baie kwaad. Ek het al Tobija se huisraad uit die kamer gegooi 9 en opdrag gegee dat die kamer gereinig moet word. Daarna het ek die goed wat in die tempel gebruik is, en die graanoffer en die wierook daar teruggesit. 10 Verder het ek uitgevind dat die Leviete nie hulle aandeel aan onderhoud ontvang het nie, en dat hulle en die sangers wat dienswerk moes doen, weg is, elkeen na sy eie grond toe. 11 Ek het die ampsdraers sterk aangespreek en gesê: "Waarom is die tempel verwaarloos?" Daarna het ek die Leviete weer bymekaargemaak en in hulle poste teruggeplaas. 12 Die hele Juda het daarna die tiendes van koring, wyn en olie ingebring na die voorraadkamers toe. 13 Ek het die priester Selemja, die sekretaris Sadok en die Leviet Pedaja in beheer van die voorraadkamers geplaas, en hulle is bygestaan deur Ganan seun van Sakkur, seun van Mattanja. Hulle is as betroubaar beskou, en dit was hulle taak om die uitdeling aan hulle ampsgenote te doen. 14 Onthou tog wat ek gedoen het, my God! Moet tog nie dat my liefdesdade wat ek vir die huis van my God en vir sy diens gedoen het, vergeet raak nie.

*Matteus 21:12-16*

Jesus het tempel toe gegaan en al die mense wat op die tempelplein koop en verkoop, daar uitgejaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi 13 en vir hulle gesê: "Daar staan geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed wees,' maar julle maak dit 'n rowersnes." 14 Blindes en kreupeles het daar in die tempel na Hom toe gekom, en Hy het hulle gesond gemaak. 15 Maar toe die priesterhoofde en die skrifgeleerdes die wonderlike dinge sien wat Hy doen, en ook die kinders wat in die tempel aanhou uitroep: "Prys die Seun van Dawid!" was hulle verontwaardig. 16 Hulle sê toe vir Hom: "Hoor jy wat sê hulle daar?" "Ja," antwoord Jesus. "Het julle nooit gelees nie: U het daarvoor gesorg dat kinders en suigelinge u lof sing?"

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

SOAP / *Matteus 21:13*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

**SOAP:**

*Matteus 21:13*

*"En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word, maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.!"*

**OORDENKING**

Nadat die Jode uit hul ballingskap in Babilon na Israel teruggekeer het, het hulle begin om die tempel van God te herstel. Daar was egter baie komplikasies langs die pad. Een het plaasgevind toe Eljasib, die priester, die stoorkamers van die tempel oorgeneem het en Tobia toegelaat het om een van hulle vir sy persoonlike besittings te gebruik in plaas van die aangewese gebruike vir tempelaanbidding. Toe Nehemia dit uitvind was hy woedend.

Baie jare later het 'n ander afstammeling van Juda gevind dat dieselfde tempel onbehoorlik gebruik word. Jesus het dadelik in die tempel ingegaan en tafels omgegooi en die geldwisselaars en diegene wat die tempel van God sleg behandel het uitgegooi. Hy het hulle uit die tempel verdryf en plek gemaak vir dit waarvoor die tempelhoewe bedoel was.

Hierna het blindes en kreupeles na Jesus in die tempelhowe gekom en Hy het hulle gesond gemaak. Jesus het nie net diegene wat handel gedryf het verdryf om 'n punt oor die heiligheid van God en die heiligheid van die templeruimtes te bewys nie, Hy het dit ook gedoen om plek te maak vir diegene wat God werklik nodig gehad het, diegene wat die genade, deernis en genesing nodig gehad het wat net Hy kon bied.

Net so, toe Nehemia die tempel van Tobia se besittings skoongemaak het, het dit plek gemaak vir die regte tiendes en porsies vir die Leviete en priesters. Die tempel het weereens 'n plek van seën geword, 'n plek van waar die volk van God met God kon ontmoet.

Vandag gaan ons nie na 'n tempel toe om God te aanbid nie. Sy teenwoordigheid woon in ons harte deur sy Heilige Gees. Terwyl ons kyk na die maniere waarop die tempel van God veronderstel was om behandel te word, wat beteken dit vir ons harte? As die tempel vry sou wees van vreemde besittings en die liefde vir geld moet ons harte ook wees.

As ons Hom nooi sal Jesus dieselfde reinigingswerk in ons harte doen as wat Hy in die tempel gedoen het. Hy kan ons harte vernuwe en behoorlike aanbidding aan Hom herstel. Ons harte kan 'n huis van gebed word as ons Hom sy reiningingswerk laat doen. In Jesus word heelheid en lewe aan ons gegee. Vernuwing en herstel is sy beloftes. Daarvan kan ons seker wees.

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

*Nehemia 13:15-22*

15 Daardie tyd het ek in Juda gesien dat mense die wynpers op die sabbat trap,
en vragte koring en ook wyn, druiwe, vye en allerhande pakke op donkies laai en
in Jerusalem inbring op die sabbat. Ek het hulle gewaarsku om nie op dié dag kos
te verkoop nie. 16 Die Tiriërs wat in Jerusalem gewoon het, het vis en allerhande
koopware ingebring en op die sabbat aan die Judeërs en in Jerusalem verkoop. 17
Ek het die vooraanstaande burgers van Juda sterk aangespreek en vir hulle gesê:
“Hoe kan julle so ‘n verkeerde ding doen dat julle die sabbat ontheilig? 18 Dit
is presies wat julle voorvaders gedoen het, sodat ons God al hierdie onheil oor
ons en oor hierdie stad gebring het! Nou vererger julle die toorn wat op Israel
rus deur die sabbat te ontheilig!” 19 Ek het toe opdrag gegee dat die poorte van
Jerusalem gesluit moes word sodra dit daar begin donker word op die aand voor
die sabbat en dat die poorte nie oopgesluit moes word voor ná die sabbat nie. Ek
het van my eie dienaars by die poorte geplaas, sodat daar geen vrag op die sabbat
sou inkom nie. 20 Toe het die handelaars en smouse ‘n keer of twee net buite
Jerusalem geslaap. 21 Ek het hulle gewaarsku en vir hulle gesê: “Waarom slaap
julle hier teen die muur? As julle dit weer doen, sal ek julle straf.” Daarna het
hulle nie weer op die sabbat gekom nie. 22 Ek het die Leviete opdrag gegee om
hulle te reinig en die poorte te kom bewaak sodat die sabbatdag heilig gehou sou
word. Onthou tog ook dit, my God, ontferm U oor my in u groot liefde!

*Markus 2:23-28*

Eenkeer toe Jesus op ‘n sabbatdag tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels so
in die loop are begin afpluk. 24 Die Fariseërs sê toe vir Hom: “Kyk daar! Waarom
doen hulle iets wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie?” 25 Hy sê vir
hulle: “Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne nie
kos gehad het nie en honger gekry het? 26 Hy het in die tyd van die hoëpriester
Abjatar in die huis vanGod ingegaan en van die offerbrood geëet, wat niemand
anders as die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy manne daarvan gegee.” 27
Jesus het verder vir hulle gesê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die
mens vir die sabbatdag nie. 28 Daarom is die Seun van die mens Here óók oor
die sabbat.”

## SOAP

*Week 6 • Dinsdag*

SOAP / *Markus 2:27*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Markus 2:27*

*Jesus het verder vir hulle gesê: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie.*

**OORDENKING**

Die geestelike herbouing van God se volk het nie oornag plaasgevind nie. Trouens, die laaste gedeeltes van Nehemia dek etlike dekades, en toon die maniere waarop Nehemia en die leiers die mense voortdurend reggehelp het toe hulle van die wet afgedwaal het. Net soos hulle herhaaldelik met vreemde nasies ondertrou het, het die mense ook in die gewoontes verval om nie die Sabbat te eerbiedig nie.

Nehemia het die mense tereggewys en selfs wagte opgestel om te verseker dat die Sabbat geëer sou word soos God dit bedoel het. Nehemia se voorneme om dit te doen, was om die volk te beskerm teen die sonde om die Sabbat te verag, een van die faktore wat gelei het tot hul afgodery en ballingskap in vorige geslagte. Nehemia het daarop gemik om die mense te help om in God se opdragte te wandel en nie in 'n sondige patroon te verval nie. Sy hart was om God te eer en sy volk te bewaar soos hy gedoen het sedert hy die eerste keer begin het om die muur te herbou.

Met verloop van tyd het die wette rondom die Sabbat meer rigied geword. Die godsdienstige leiers het ekstra riglyne en reëls opgestel om te verseker dat niemand die Sabbatswette, of inderdaad enige wette, kon oortree nie. Die probleem was dat hulle harte nie reg was nie. Hulle het dít wat werklik belangrik was uit die oog verloor: om God te eer en Hom te vertrou om te voorsien, al het hulle 'n rusdag geneem. In plaas daarvan het hulle baie rigiede reëls gemaak, hulle het tevrede met hulself gevoel omdat hulle dit onderhou het en diegene wat dit nie gedoen het nie, veroordeel.

Jesus het vir ons 'n ander manier gewys. Hy het die godsdienstige leiers en sy volgelinge die ware bedoeling van die wet gewys: om 'n tyd van rus en feesviering vir God se volk te voorsien. Die genesing wat Hy op die Sabbat gedoen het, het gelei tot rus en feesviering. Die Sabbat is geskep om rus vir God se mense te voorsien sodat hulle sal onthou dat Hy alleen hulle onderhou.

Vandag kan ons God eer deur die Sabbat te onderhou. Alhoewel ons nie aan die Sabbatswet gebind is soos die Jode was nie, is dit 'n belangrike praktyk vir Christene om 'n dag te neem om op te hou werk en God se goedheid te vier. Ons hou op werk, wys ons vertroue in God en sy vermoë en gewilligheid om vir ons te voorsien. Ons vier sy goedheid en stop om sy konstante getrouheid te onthou. Mag ons mense van geloof wees, wat stilstaan om in God se krag en vermoë te rus en sy goedheid te vier.

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

*Nehemia 13:23-29*

Daardie tyd het ek ook nog Judeërs gesien wat getroud was met vrouens uit Asdod en met Ammonitiese en Moabitiese vrouens. 24 Van hulle kinders het die helfte Asdods gepraat of die taal van 'n ander volk. Judees kon hulle nie praat nie. 25 Ek het met die mense geraas, hulle vervloek, party van hulle geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God 'n eed laat aflê: "Julle sal julle dogters nie laat trou met die heidene se seuns nie en hulle dogters nie met julle seuns of met julleself nie. 26 Dit was tog hiermee dat koning Salomo van Israel gesondig het! Onder die groot nasies was daar nie 'n koning soos hy nie. Sy God het hom liefgehad en hom koning laat word oor die hele Israel, maar vreemde vrouens het ook vir hom laat sondig. 27 En nou moet ons hoor dat julle hierdie groot kwaad begaan het en ontrou aan ons God geword het deur vreemde vrouens te trou!" 28 'n Seun van Jojada seun van die hoëpriester Eljasib was die skoonseun van Sanballat die Goroniet. Ek het hom van my af weggejaag. 29 Onthou hulle, my God; hulle het die priesterskap en die plegtige onderneming van die priesters en die Leviete besoedel.

*Efesiërs 6:10-18*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

# SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *Efesiërs 6:11–12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

**SOAP:**

*Efesiërs 6:11-12*

*Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondage wêreld, teen elke bose gees in die lug.*

**OORDENKING**

Vandag se gedeelte lyk bekend, nie waar nie? Dit is omdat dit die vierde melding in Nehemia is van God se volk wat met vreemdelinge trou. Nehemia het reeds met die mense hieroor gepraat en hulle gewys waarheen hulle afgodery hulle sou lei. Maar dit was 'n sonde wat wyd voorgekom het en herhalend gebeur het. Dit moes voortdurend aangespreek word en Nehemia se intensiteit was geregverdig.

Hierdie keer het die kleinseun van die hoëpriester (die persoon wat in die Allerheiligste ingegaan het, waar die teenwoordigheid van God sou woon) met die dogter van Sanballat getrou. Dis reg, die geestelike leier van God se volk het nie ingegryp en sy kleinseun verhinder om met die dogter van die nommer een vyand van die Jode te trou nie, die einste man wat oor en oor prober het om die herbou van die mure van Jerusalem te keer en te Nehemia te diskrediteer. Geen wonder dat Nehemia die mense so hard gestraf het nie!

Dit is maklilk om na hierdie gebeure te kyk en te glo dat dit nooit met ons sal gebeur nie. Sonde sluip stadig in. Ons vyand is slinks, soos Sanballat, wat voortdurend probeer om ons harte en lewens te infiltreer totdat hy die ding vind wat ons oor en oor laat struikel. Ons moet, soos Nehemia, vinnig reageer wanneer ons ons sonde of die sonde van ander in die liggaam van Christus besef.

Ons is nie alleen in ons stryd teen die vyand en sonde nie. God het sy Woord en sy mense aan ons gegee om ons te help om aan Hom getrou te bly. Ons moet onsself voorberei en vasstaan, elke dag onthou dat ons in 'n stryd leef en ons moet bereid wees om te veg. Ons moet ons sondes ernstig opneem en God vra om ons te help om dit te oorkom. Hy sal ons help. En selfs wanneer ons misluk, het ons 'n liefdevolle, genadige en deernisvolle God wat lankmoedig is, een wat reeds met ons sondes afgereken het deur sy Seun te stuur om in ons plek te sterf. Terwyl ons so lank as wat ons op hierdie aarde lewe met sonde sal worstel, kan ons berus in die feit dat die stryd reeds in Christus gewen is en dat ons in die hemel uiteindelik volmaak sal wees.

**LEES**

*Week 6 • Donderdag*

*Nehemia 13:30-31*

Ek het hulle gesuiwer van al wat vreemd was en diensbeurte vir die priesters en Leviete vasgestel, elkeen vir sy werk, 31 en ook die heffings van hout op die vasgestelde tye, en die eerstelinge. Onthou dit tot my voordeel, my God!

# SOAP

*Week 6 • Donderdag*

SOAP / *Nehemia 13:31b*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP:**

*Nehemia 13:31b*

*Onthou dit tot my voordeel, my God!*

**OORDENKING**

Nehemia het ongelooflike dinge vir Israel gedoen. God het hom as die leier van sy volk aangestel toe hulle gebroke en kwesbaar was. Beide fisies en geestelik het God Nehemia gebruik om sy volk te herbou. Nehemia was gefokus en toegewyd om die muur te herbou. Hy het niks toegelaat om die herboupogings te stuit nie. Hy het die mense opgepas en hulle aangemoedig wanneer dinge moeilik was. Hy het hulle beskerm en hulle uitgedaag om standvastig te bly terwyl hulle hard gewerk het om die mure van Jerusalem wat God se volk sou beskerm en afsonder te herbou.

Toe die mure uiteindelik staan, was Nehemia en die ander leiers getrou om die mense weer die wet te leer. Hulle het die feeste weer ingestel, die Sabbat ernstig opgeneem en die mense gestraf omdat hulle met heidene getrou het. Terwyl die mense aanvanklik toegewyd was en die Verbond onderteken het, het dit nie lank geneem voordat hulle in sondige patrone teruggeval nie. Maar Nehemia was getrou om die mense elke keer van sonde weg te lei. Hy het deur gebed getrou gebly in sy wandel met God.

Wat die belangrikste van Nehemia was, was sy begeerte om vir sy goedheid deur God onthou te word. Nehemia was nie bekommerd oor hoe die mense hom onthou het nie, of selfs enigsins deur die Jode onthou sou word nie. Wat hy begeer het, was dat God die maniere waarop hy getrou was om sy volk te herbou en te herstel, moet onthou. Nehemia wou God se goedkeuring en applous hê, niemand anders s'n nie. Nehemia wou onthou word vir die maniere waarop hy die harte van God se volk herstel het, nie vir die muur wat hy gebou het nie.

Nehemia is 'n ongelooflike voorbeeld van nie net 'n godvrugtige leier nie, maar van 'n getroue dienaar van God. Ons kry dalk nie plekke van leierskap soos Nehemia gehad het nie, maar God het aan elkeen van ons 'n spesifieke roeping en taak gegee. Mag ons getrou wees en uit Nehemia se voorbeeld leer. Mag ons werk vir God se goedkeuring alleen en mag ons onthou dat ware suksesse en oorwinnings behaal word wanneer harte (beide ons s'n en ander) na God gedraai word.

## LEES

*Week 6 • Vrydag*

*Nehemia 1:5-11*

Ek het gesê: "Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam, 6 luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. "Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig. 7 Ons het U nie geëer nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooie, die voorskrifte, die bepalings wat U aan u dienaar Moses gegee het. 8"Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar Moses gemaak het: 'As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi, 9 maar as julle julle tot My bekeer en my gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.' 10 "Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het. 11 Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees." Ek was die koning se skinker.

**S O A P**

*Week 6 • Vrydag*

SOAP / *Nehemia 1:11*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP:**

*Nehemia 1:11*

*Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees." Ek was die koning se skinker.*

**OORDENKING**

Soos ons ons studie oor die Boek Nehemia afsluit, kyk ons terug na die inleiding tot hierdie gebeure. Toe Nehemia hoor van die nood van God se volk en die toestand van Jerusalem se mure, was hy ontsteld. Hy sou nie toelaat dat God se naam oneer aangedoen word weens die manier waarop sy volk en sy stad behandel is nie. Nehemia het getrou gebid en God vir wysheid en hulp gevra.

Nehemia het vir God net vir 'n paar spesifieke dinge gevra. Hy het God gevra om sy belofte te herroep, 'n belofte om sy volk te straf as hulle ontrou is en om sy volk terug te bring as hulle berou het. Hy het God gevra om na sy gebed te luister en hom sukses te gee terwyl hy voor die koning gegaan het.

God het natuurlik al Nehemia se versoeke beantwoord. Hy het hom groot sukses met die koning gegee en hom die vryheid gegee om na Jerusalem te gaan om die werk te voltooi. God het na Nehemia se gebed geluister en sy pleidooie vir sy volk en die stad van God gehoor. En God het sy volk bymekaargemaak en sy verbond met hulle weer ingestel.

Maar God het soveel meer gedoen. Hy het Nehemia toegelaat om die ware herstel van sy volk te aanskou. God het aan Nehemia die groot seën gegee om te sien hoe beide die muur van Jerusalem herbou is en die harte van die mense aan God herstel het. Toe Nehemia geween en by God oor sy volk gepleit het, het hy geen idee gehad van alles wat God sou doen nie.

Maak nie saak wat jy in die gesig staar nie, jy kan ook jou versoeke aan God stel. Hy is liefdevol, genadig en deernisvol, en Hy hoor al ons gebede. Hy antwoord nie altyd soos ons hoop Hy sal nie, maar Hy antwoord altyd. Ons kan sy getrouheid in die verlede aan Nehemia en die mense van Jerusalem onthou as 'n model en 'n belofte van sy getrouheid aan ons vandag. Mag ons met vrymoedigheid na God kom in gebed en nadink oor sy goedheid en getrouheid nadat Hy sy ongelooflike werk voltooi het. Want Hy alleen is die groot en ontsagwekkende God wat sy liefdesverbond hou met dié wat Hom liefhet en sy opdragte gehoorsaam.

## OORDENKING

*Week 6*

1. *Vandag woon God se teenwoordigheid in ons harte deur sy Heilige Gees. Terwyl ons kyk na die manier waarop die tempel van God veronderstel was om hanteer te word, wat beteken dit vir ons harte?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

2. *Wat is jou persepsies van die Sabbat? Beoefen jy tans Sabbatsrus? Hoekom of hoekom nie?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

3. *In watter area van jou lewe kruip sonde stadig in? Hoe kan jy wagte oor jou hart, verstand en optrede plaas om te keer dat jy in sondige patrone verval?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

4. *Wie is 'n goddelike leier in jou lewe? Watter eienskappe of gedrag maak van hierdie persoon 'n goddelike leier? Is dit vir jou maklik om hom of haar te volg?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

5. *Watter spesifieke gebede het God onlangs vir jou verhoor? Hoe versterk die onthou van God se getrouheid jou geloof?volg?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd